

“To make a shape in a tree”: Mondelinge beskrywings van tuine, tuinstyl en tuinmaak in die Batho township, Bloemfontein

“To make a shape in a tree”: Oral testimonies about gardens, garden style and gardening in the Batho Township, Bloemfontein

DEREK DU BRUYN

Departement Geskiedenis

Nasionale Museum

Bloemfontein

Suid-Afrika

*Navorsingsgenoot, Departement Geskiedenis

Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein

E-pos: derek@nasmus.co.za



Derek du Bruyn

DEREK DU BRUYN is ’n museumwetenskaplike, navorser en historikus verbonde aan die Nasionale Museum in Bloemfontein. Sy navorsing fokus veral op mondelinge geskiedenis, gemeenskapsgeskiedenis, township-geskiedenis en die geskiedenis van minderheidsgroepe in Bloemfontein. Onlangs het hy ’n navorsingsprojek oor die geskiedenis van Bloemfontein se Portugese gemeenskap geloods. Hy het aan die Universiteit van die Vrystaat studeer en die grade BA in Geskiedenis (1990), BA (Hons) in Geskiedenis (1991) en MA in Geskiedenis (cum laude) in 1995 verwerf. Hy het ’n Nasionale Hoër Diploma in Argiefwetenskap aan die destydse Technikon Suid-Afrika (tans met Unisa saamgesmelt) in 1997 en ’n PhD (Geskiedenis) aan die Universiteit van die Vrystaat in 2018 verwerf.

DEREK DU BRUYN is a museum scientist, researcher and historian at the National Museum in Bloemfontein. His research focuses mostly on oral history, community history, township history, and the history of minority groups in Bloemfontein. Recently, he launched a research project on the history of the Portuguese community in Bloemfontein. He studied at the University of the Free State and obtained a BA degree in History (1990), a BA (Hons) degree in History (1991) and an MA degree in History (cum laude) in 1995. He obtained a National Higher Diploma in Archival Science from the then Technikon South Africa (now amalgamated with Unisa) in 1997 and he obtained a PhD (History) from the University of the Free State in 2018.

Datums:

Ontvang: 2024-09-04

Goedgekeur: 2025-06-26

Gepubliseer: September 2025

ABSTRACT

“To make a shape in a tree”: Oral testimonies about gardens, garden style and gardening in the Batho Township, Bloemfontein

In 1918, Batho was established as a “model location” to replace Bloemfontein’s old Waaihoek location. Waaihoek’s residents were gradually resettled in Batho. Contrary to most of the Union of South Africa’s haphazardly laid-out locations, Batho was a well-planned location with plots that measured 50 by 75 feet. Bloemfontein’s Town Council, who placed a high premium on aesthetic values, described Batho’s plots as “garden areas” because they were big enough for front gardens and backyards. The predominantly English-speaking council was influenced by the British Garden City Movement that promoted the idea of “garden suburbs”.

Gardening knowledge and a gardening culture that dates to the 1850s were transferred from the Waaihoek to the Batho gardeners. This phenomenon is described as “generational gardening”. Owing to acculturation resulting from interaction between black garden labourers and white garden owners, a European garden style which was characterised by formality, symmetry, geometry, clipped hedges and topiary, was also transferred to Batho. The taste for formality and topiary dates to South Africa’s colonial period when it was colonised by the Dutch and British respectively (1652–1910).

Since Batho’s founding, a variety of factors have influenced gardens, garden style and gardening in the location including climate, water provisioning, the council’s initiatives to encourage gardening in Batho, socio-economic conditions as well as crime and criminality. Special emphasis is placed on crime because the interviewees have stressed its negative effects on gardening and because of its historical dimension. Archival research has shown that Batho had been plagued by crime since it was founded; it even shaped the residents’ perception of big trees as hiding places for criminals. As a result, many trees were drastically pruned back and turned into oversize topiary.

Oral interviews that were conducted with Batho gardeners as part of the National Museum’s Batho Community History Project have shed light on the reasons for these gardeners’ preference for formality and topiary; the presence of a diverse garden vocabulary among Batho’s gardeners that includes Sesotho, Setswana, English and Afrikaans words and phrases; the way in which crime has affected garden style and topiary; the gardeners’ relationship with their gardens; and the reasons why the gardeners kept on gardening despite multiple challenges.

The Batho gardeners’ testimonies were the most important sources of information for this article. Therefore, the objective is to allow them to “speak for themselves” by means of short direct quotes from interviews. All interviews were conducted in English which, in most cases, is the interviewees’ second language. Interviews were affected by this limitation and by other factors such as race, gender and emotions that may negatively influence one-to-one dialogues. Such interviews are intersubjective by nature. A range of archival sources, including records created by the Municipality of Bloemfontein, as well as books, articles and newspapers provide secondary information.

Based on the gardeners’ testimonies and the research conducted, the author offers a few key arguments about the reasons why residents garden and the ways in which they garden. These include the phenomenon of “generational gardening”, which does not only include gardening knowledge, skills and a culture of gardening handed down from one generation of gardeners to the next, but also resources such as garden tools, seeds and cuttings. Furthermore, it is argued that the residents’ way of gardening, particularly the clipping of topiary, is an accessible and affordable way to create an aesthetically pleasing environment. Their way of

gardening has more to do with skill than financial ability. Directly linked to this argument is the claim that topiary gardening provides gardeners opportunities for creative expression, albeit only the ways in which hedges or plants are clipped.

In conclusion, it is argued that Batho gardeners have found a form of cultural identity in their way of gardening, particularly topiary. This identity – a “garden identity” – is substantiated by the residents’ argument that their way of gardening has become a Batho tradition. Although rooted in the classical European gardening tradition, Batho’s gardeners do not perceive their style of gardening as a European tradition that was adopted but as an integral part of their own gardening tradition. Finally, it is argued that the Batho residents’ way of gardening relates directly to the worsening socio-economic conditions in Batho. Gardens enclosed by tall-clipped hedges provide safe spaces in an unsafe township. In addition to providing a sense of safety and security, the gardens also satisfy emotional and spiritual needs.

KEYWORDS: Batho, oral history, oral testimonies, gardeners, gardens, garden style, topiary, gardening, garden history, garden vocabulary, crime, emotions

TREFWOORDE: Batho, mondelinge geskiedenis, mondelinge beskrywings, tuiniers, tuine, tuinstyl, vormsnoeikuns, tuinmaak, tuingeskiedenis, tuinwoorde-skat, misdaad, emosies

OPSOMMING

In 1918 is Batho as ’n “modellokasie” gestig om Bloemfontein se ou Waaihoek-lokasie te vervang. Waaihoek se inwoners is geleidelik in Batho hervestig. Anders as die meerderheid lokasies in die Unie van Suid-Afrika, was Batho se standplase groot genoeg om voortuine te kon uitleë. Daarbenewens is ’n tuinkultuur en -kennis van Waaihoek na die Batho-tuiniers van die een geslag na die volgende oorgedra. Dus is ’n verinheemse Europese tuinstyl, gekenmerk deur formaliteit, ’n simmetriese uitleg, geometriese blombeddings en vormsnoeikuns (*topiary*), deur die Batho-tuiniers aangewend om hulle tuine te verfraai.

Sedert Batho se ontstaan het verskeie faktore die maak van tuine en die toepassing van tuinstyle beïnvloed, insluitende klimaatsomstandighede, inisiatiewe om tuinmaak in Batho te bevorder, sosio-ekonomiese omstandighede sowel as misdaad en kriminaliteit. Mondelinge onderhoude wat met Batho-tuiniers gevoer is, het lig gewerp op die redes vir die tuiniers se voorkeur vir formaliteit en vormsnoeikuns; die bestaan van ’n diverse tuinwoordeskat onder Batho-tuiniers; die wyse waarop misdaad en kriminaliteit tuinstyl en vormsnoeikuns beïnvloed; die tuiniers se verhouding met hulle tuine; en waarom hulle ten spyte van uitdagings steeds tuingemaak het.

Die Batho-tuiniers se herinneringe en beskrywings (*testimonies*) is die belangrikste bron van inligting vir hierdie artikel; daarom word daar van direkte aanhalings gebruik gemaak om die tuiniers “namens hulself te laat praat”. Sleutelargumente word gevoer oor waarom die inwoners tuingemaak het en die wyse waarop hulle dit gedoen het. Dit sluit onder andere die verskynsel van “generasie-tuinmaak” in waardeur tuinkennis en vaardighede, hulpmiddele soos tuingereedskap, saad en plantsteggies en ’n tuinkultuur van geslag tot geslag oorgedra word.

Inleiding

Swart mense¹ se tuingeskiedenis en tuinkultuur is 'n afgeskepte navorsingsveld in die Suid-Afrikaanse historiografie. Hierteenoor het die tuingeskiedenis en tuinkultuur van swart mense in die VSA reeds baie aandag van tuinhistorici, aardrykskundiges, sosioloë, argeoloë en landskapargitekte gekry.² Die indruk word gewek dat die geskiedenis van swart mense se tuine nie akademiese ondersoek regverdig nie. Hierdie stand van sake is die gevolg van negatiewe stereotipes en onkunde wat oor 'n lang tydperk onder veral wit mense posgevat het. Die persepsie dat swart mense nie in tuinmaak belangstel nie en dat hulle daarom geen tuinkultuur het nie, is histories diep gewortel. Die Franse ontdekkingsreisiger Auguste René Caillié (1799–1838), wat in die 1820's Wes- en Sentraal-Afrika besoek het, het tot die volgende slotsom gekom: “... the natives [black people] ... do not trouble themselves with any thing [sic] of the kind [gardening]; the Europeans alone have gardens”.³ Meer onlangs het die Suid-Afrikaanse tuinskrywer Sima Eliovson (1919–1990) opgemerk “... the history of the black population of South Africa does not reveal horticultural influences, except in their knowledge of the medicinal, poisonous and edible qualities of wild plants”.⁴

Dit is dus nie verbasend dat slegs enkele akademiese studies oor swart mense se tuine en tuinkultuur in Suid-Afrika gedoen is nie. Boonop het hierdie studies meesal op stadsbeplanning, geografie en argitektuur gefokus en nie op tuingeskiedenis nie.⁵ Een van die redes vir die wanopvatting dat Suid-Afrikaanse swart mense apaties teenoor tuinmaak is, is die feit dat hulle meesal klein en nederige tuine nie vergelykbaar is met die groot en welige tuine wat sedert die tweede helfte van die 1600's deur Europeërs en hul nasate (koloniste) in Suid-Afrika uitgelê is nie. Swart mense het op klein lappies grond of “little spots”⁶ tuingemaak, soos in die geval van swart mense in die Amerikaanse Suide. Gevolglik was hulle tuine net “green garden patch[es]”⁷ soos die tuine van die swart inwoners van Bloemfontein se ou Waaihoek-

¹ In hierdie artikel verwys die term “swart mense” na alle mense van kleur teen wie daar in die verlede wetlik en andersins op grond van ras gediskrimineer is. Vir meer besonderhede, lees Deborah Posel, “What’s in a name? Racial categorisations under apartheid and their afterlife”, *Transformation*, vol. 47, 2001, pp. 50–67.

² Byvoorbeeld Gene Wilhelm, “Dooryard gardens and gardening in the black community of Brushy, Texas”, *Geographical Review*, vol. 65, no. 1, Januarie 1975, pp. 73–92; Richard Westmacott, “The gardens of African-Americans in the rural South” in John D. Hunt en Joachim Wolschke-Bulmahn (reds.), *The vernacular garden* (Dumbarton Oaks Research Library and Collection, Washington, DC, 1993), pp. 77–105; Barbara J. Heath & Amber Bennett, “‘The little spots allow’d them’: The archaeological study of African-American yards”, *Historical Archaeology*, vol. 34, no. 2, 2000, pp. 38–55.

³ Auguste R. Caillié, *Travels through Central Africa and across the great desert, to Morocco performed in the years 1824–1828*, vol. 1 (Frank Cass & Co., Londen, 1968), p. 161.

⁴ Sima Eliovson, *Garden beauty of South Africa* (Macmillan South Africa, Johannesburg, 1979), p. 22.

⁵ Byvoorbeeld Rebecca Ginsburg, “‘Now I stay in a house’: Renovating the matchbox in apartheid-era Soweto”, *African Studies*, vol. 55, no. 2, 1996, pp. 127–39; D.M. Calderwood, *Native housing in South Africa*, gepubliseerde DArch-tesis (Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg, 1953), passim; D.M. Calderwood, “An approach to low cost urban native housing in South Africa”, *The Town Planning Review*, vol. 24, no. 4, Januarie 1954, pp. 312–28.

⁶ Heath en Bennett, p. 41.

⁷ Charles E. Hands, “‘Bobs’ as beneficent victor: His fascinating entry into Bloemfontein”, *The Bloemfontein Post*, 10 Mei 1900, p. 3.

lokasie⁸ in 1900 beskryf is. Ten einde swart mense se tuine en tuinkultuur te begryp en te kontekstualiseer moet dit teen die agtergrond van die koloniserings van die Kaap van Goeie Hoop (hierna Kaap) in die sewentiende en agtiende eeue deur Nederland (1652–1795; 1803–1806) en Brittanje (1795–1803; 1806–1910) gesien word.⁹ Sedertdien is Suid-Afrika se tuinstyl en tuinkultuur sterk deur hierdie twee lande beïnvloed.¹⁰

As gevolg van akkulturasie het swart mense en ander inheemse groepe¹¹ die formele tuinstyl en vormsnoeikuns (*topiary*)¹² by die koloniste oorgeneem, dit verinheems en geleidelik verafrikaniseer. Akkulturasie is kenmerkend van multikulturele samelewings en behels die verandering van ’n individu of groep se kultuur deur kultuureienskappe van ’n ander kultuur te leen of daarby aan te pas. Hierdie verskynsel is ’n direkte gevolg van langdurige kontak en interaksie tussen kultuurgroepe. Tasbare kultuurelemente soos tuinstyle en argitektuur word makliker deur ’n ontvangende kultuurgroep oorgeneem as ontasbare kultuurelemente. In die geval van huise en tuine vereenvoudig die ontvangende kultuurgroep die geleende kultuurelemente en -gebruike na gelang van hulle behoeftes.¹³

Tuine wat gedurende die 1700’s deur koloniste aan die Kaap uitgelê is, is feitlik voor die voet deur ’n simmetriese uitleg en vormsnoeikuns, veral geknipte heinings, gekenmerk. Gesnoeide heinings (*hedges*) en rande (*edges*) word allerweë beskou as “... a simple form of topiary”.¹⁴ Weens die pioniersomstandighede aan die Kaap was die koloniste se tuine vereenvoudigde en afgeskaalde weergawes van die tuine in Nederland en Brittanje. Tydens die Nederlandse bewind het tuinuitlegte basies uit vierkante en/ of ander geometriese vorms met voetpaadjies tussenin bestaan. Die kompartemente – destyds beskryf as “omgeheijningde parken en vacken”¹⁵ – was met geknipte heinings omhein om ’n geordende voorkoms te skep en plante teen windskaad te beskerm. Die meeste van die tuinwerk, veral die snoei- en knipwerk, is deur tuinslawe gedoen. Danksy die beskikbaarheid van hande arbeid het arbeidsintensiewe geknipte heinings, rande en vormsnoeikuns wydverspreid in Kaapse tuine voorgekom.¹⁶

⁸ In die historiese Suid-Afrikaanse konteks het die term “lokasie” verwys na ’n oorwegend informele rasgesegregeerde woonarea wat voor die Tweede Wêreldoorlog (1939–1945) vir mense van kleur gereserveer is.

⁹ Vir meer besonderhede, lees Hermann Giliomee e.a., *New history of South Africa* (Tafelberg, Kaapstad, 2022), pp. 69–334; C.W. de Kiewiet, *A history of South Africa: Social & economic* (Clarendon Press, Oxford, 1941), pp. 1–152.

¹⁰ Vir meer besonderhede, lees Derek du Bruyn, “Clipped hedges and topiary in South African gardens, 1652–1939: The Africanization of a European garden art”, *Garden History*, vol. 49, no. 2, Winter 2021, pp. 208–17.

¹¹ Vir die doeleindes van hierdie artikel verwys die term “inheemse groepe” na alle groepe mense wat inheems is aan suidelike Afrika, waaronder die Khoekoe en die Khoesan.

¹² Alhoewel “topiary” direk uit die Engels (*topiary*) afleibaar is, is die term “vormsnoeikuns” verkieslik as vertaalekwivalent van die Engelse term.

¹³ David L. Sam en John W. Berry, “Acculturation: When individuals and groups of different cultural backgrounds meet”, *Perspectives on Psychological Science*, vol. 5, no. 4, Julie 2010, pp. 472–81; C.J. Maritz, “Enkele politieke gevolge en implikasies van die akkulturasieproses vir Suid-Afrika”, *Africanus*, vol. 6, nos 1 en 2, November 1976, pp. 20–5.

¹⁴ Marushka Stipinovich en Jessie Bell, “Constant gardener”, *Elle Decoration South Africa*, vol. 110, Oktober–November 2016, p. 30.

¹⁵ Wes-Kaapse Argief- en Rekorddiens (WKAR), C 2282, Politieke Raad: Plakkaatboek, 7 Desember 1745–24 Desember 1753, p. 312.

¹⁶ M.F. Katzen, “White settlers and the origin of a new society, 1652–1778” in Monica H. Wilson en Leonard M. Thompson (reds), *The Oxford History of South Africa: South Africa to 1870*, I (Oxford University Press, Oxford, 1969), pp. 184, 193, 204–5; James C. Armstrong, “Die slawe, 1652–1795” in Hermann Giliomee en Richard Elphick (reds), *’n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652–1820* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1982), pp. 81–90, 96–7, 105.

Tydens die tweede Britse besetting van die Kaap, met die draai van die agtiende eeu, is die koloniste se tuine aan 'n verengelsingproses onderwerp. Gedurende die 1800's is tuine in die Kaap, Natal en die Boererepublieke van die Transvaal (ZAR; 1852) en die Oranje-Vrystaat (OVS; 1854) sterk deur die Victoriaanse styl beïnvloed. Alhoewel die streng simmetriese tuine van die Nederlandse tydperk plek gemaak het vir 'n romantiese Engelse kothuisvoorkoms met geregimenteerde blombeddings voor die huis, het die smaak vir geknipte heinings en vormsnoeikuns geensins getaan nie. Die uitheemse en geharde ligusterspesies, veral die breëblaar-liguster (*Ligustrum ovalifolium*, *Ligustrum lucidum* en *Ligustrum vulgare*) en die kleinblaar-liguster (*Ligustrum ibota*),¹⁷ was baie geskik vir vormsnoeikuns en daarom gewild onder Suid-Afrikaanse tuiniers. Die Engelse invloed op Suid-Afrikaanse tuine het tot in die eerste helfte van die twintigste eeu voortgeduur.¹⁸

As gevolg van versnelde verstedeliking in die tweede helfte van die negentiende eeu het groot getalle mense van kleur hulle in rasgesegregeerde lokasies en latere townships¹⁹ naby dorpe en stede gevestig. Gevolglik het derduisende swart en gekleurde (destyds ook genoem “kleurling”) mans as tuiniers in wit tuine gewerk; hulle het goedkoop ongeskoolde arbeid wat die vormsnoeiwerk kon doen, gelewer. Weens akkulturasie wat tydens die interaksie tussen wit tuineienaars en swart tuinwerkers plaasgevind het, het laasgenoemde hulle wit werkgewers se tuinstyl in hul eie tuine nageboots. Die lokasiebewoners se tuine was klein en vereenvoudigde weergawes van die wit mense se tuine; dit was formeel en simmetries op die noord-suid en oos-wes asse uitgelê met 'n tuinpaadjie wat met die huis se voordeur belyn was en 'n reghoekige voortuin geskep het wat uit twee simmetriese komponente bestaan het. Binne-in elke komponent is reghoekige, vierkantige of sirkelvormige blombeddings uitgelê wat met geknipte rande, bakstene of klippe omrand was. Voortuine was dikwels agter geknipte heinings versteek (Figuur 1). Elemente van 'n formele Westerse tuinstyl en tuinkultuur wat gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu in lokasies dwarsoor Suid-Afrika sou floreer, is na die lokasiebewoners oorgedra. Hierdie verskynsel was veral waarneembaar in die sogenaamde “modellokasies” waarvan Batho, soos later verduidelik sal word, 'n goeie voorbeeld is.²⁰


In 2007 het die Nasionale Museum in Bloemfontein die *Batho Community History Project* (Batho-gemeenskapsgeskiedenisprojek; hierna Batho-projek) as 'n navorsingsprojek met 'n

¹⁷ Vir meer besonderhede, lees Kristo Pienaar en Gideon F. Smith, *The Southern African what flower is that? An essential guide to garden plants* (Struik Lifestyle, Kaapstad, 2011), pp. 256-7.

¹⁸ R. Carstens en Pieter W. Grobbelaar, *Voortrekkerlewe: Agter die skerms op die Groot Trek* (Groot Trek-herdenkingsfees, Johannesburg, 1988), pp. 236-7; Leonard Guelke, “Die blanke setlaars, 1652–1780” in Hermann Giliomee en Richard Elphick (reds.), *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652–1820* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1982), pp. 44-5, 63-72; John Noble, *Descriptive handbook of the Cape Colony: Its condition and resources* (J.C. Juta, Kaapstad, 1875), pp. 38-9; Thomas R. Sim, “South African horticulture” in *Report of the South African Association for the Advancement of Science* (fourth meeting, Kimberley, 1906), pp. 335-6.

¹⁹ In die huidige Suid-Afrikaanse konteks verwys die term “township” na 'n meesal beplande woonarea wat ná die Tweede Wêreldoorlog vir mense van kleur gereserveer is. Glen Mills, “Space and power in South Africa: The township as a mechanism of control”, *Ekistics*, vol. 56, no. 334/335, Januarie/Februarie–Maart/April 1989, p. 66.

²⁰ Derek du Bruyn, *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918–1939: A historical perspective*, ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, 2018), p. 438; Iziko Social History Institute, Kaapstad (ISHI), Anlén Boshoff, Regency-tuin vir Bertram-huis, manuskrip, pp. 23, 27; Patrick Taylor (red.), *The Oxford companion to the garden* (Oxford University Press, Oxford, 2006), p. 449; Geoffrey Jellicoe e.a. (reds.), *The Oxford companion to gardens* (Oxford University Press, Oxford, 1986), p. 523; Mills, p. 66-8.



Figuur 1: 'n Hoë geknipte sipresheining versteek 'n tuin in Bloemfontein se Bocha-bela-lokasie, ca. 1930's. (Foto: Marumo-familie privaat fotoversameling)

sterk fokus op mondelinge geskiedenis geloods. Die hoofdoelwit van dié projek, wat in Oktober 2023 afgesluit is, was om inligting oor die kulturele, sosiale en politieke geskiedenis van Batho in te samel.²¹ Die Batho-inwoners se huise en tuine was 'n belangrike fokusarea in die ondersoek. Behalwe vir primêre navorsing wat onder andere in die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein gedoen is, is die mondelinge geskiedenis-metode gebruik om eerstehandse inligting te versamel. Mondelinge getuienisse is 'n onontbeerlike bron van inligting vir gemeenskapsgeskiedenisprojekte.²² Gedurende die tydperk 2008–2016 het die skrywer van hierdie artikel een-tot-een onderhoude met 57 tuiniers (29 mans en 28 vroue) by hulle huise in Batho gevoer.²³ Die ondervraagdes is na willekeur op grond van, eerstens, die toestand van hulle tuine en, tweedens, hulle gewilligheid om ondervra te word, gekies. Onderhoude is slegs gevoer nadat die tuiniers oor die doelwitte van die Batho-projek ingelig is en hulle toestemming vir onderhoude verleen het.²⁴ 'n Voorafopgestelde standaardvraelys is as riglyn tydens die onderhoude gebruik.²⁵

²¹ Vir meer besonderhede, lees Derek du Bruyn, "Oral testimonies as a source of community history, with special reference to the Batho Project, Bloemfontein", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 24, no. 2, November 2010, pp. 6-16.

²² Vir meer besonderhede, lees Stephen Caunce, *Approaches to local history: Oral history and the local historian* (Longman, Londen, 1994), p. 100; Barbara Allen en William L. Montell, *From memory to history: Using oral sources in local historical research* (The American Association for State and Local History, Nashville, 1981), pp. 3, 14-5.

²³ Die onderhoude is onder andere gebruik vir 'n doktorsale studie oor Batho se tuine, tuinstyl en tuinkultuur wat in 2018 voltooi is. Du Bruyn, *Gardens, gardening culture and...*, passim.

²⁴ Die *Code of Ethics for Oral History Practitioners in South Africa* soos voorgeskryf deur die Oral History Association of South Africa (OHASA) is te alle tye eerbiedig. Voordat 'n onderhoud gevoer is, het die onderhoudvoerder en die ondervraagde 'n onderhoudsprotokol naamlik die *Gift and Release Agreement* onderteken. Vir meer besonderhede, lees Philippe Denis en Radikobo Ntsimane (reds), *Oral history in a wounded country: Interactive interviewing in South Africa* (University of KwaZulu-Natal Press, Scottsville, 2008), pp. 171-4 (Bylaes 2 en 3).

²⁵ Vir meer besonderhede, lees Du Bruyn, *Gardens, gardening culture and...*, pp. 478-80.

Behalwe vir die *wie*, *wat* en *waar* van die Batho-township se tuiniers, tuine, tuinstyl en tuinmaak, is die *waarom* belangrik. Terwyl antwoorde op eersgenoemde vrae in primêre bronne soos die rekords van die Munisipaliteit van Bloemfontein (MBL-groep; hierna munisipaliteit) en in sekondêre bronne soos koerante en tydskrifte gevind is, was dit meesal nie die geval met die *waarom* nie. Antwoorde hierop sou net by die tuiniers self gevind kon word. Die volgende vrae word in hierdie artikel gevra: Waarom het die Batho-tuiniers 'n voorkeur vir die formele tuinstyl en vormsnoeikuns ontwikkel? Hoe beskryf die tuiniers hulle tuine, tuinwerk en vormsnoeikuns? Watter sosiale faktore beïnvloed Batho se tuine en tuinstyl? Wat is die tuiniers se verhouding met hulle tuine? Antwoorde op hierdie vrae was opgesluit in die tuiniers se herinneringe en mondelinge getuienis. Laasgenoemde was die belangrikste bron van inligting vir hierdie artikel; daarom is ruim van kort direkte aanhalings uit transkripsies²⁶ van die onderhoude gebruik gemaak.

Die belangrikste doel van hierdie artikel is om die Batho-tuiniers “vir hulself te laat praat”. Deur gebruik te maak van direkte aanhalings word hulle nie net self “aan die woord gestel” nie, maar daar word ook gepoog om soos die Suid-Afrikaanse mondelinge historikus, Sean Field, aanbeveel, hulle “private stemme” (*private voices*) te omskep in “openbare stemme” (*public voices*).²⁷ Batho se tuiniers praat dus as individue namens hulself hoewel nie noodwendig in hulle eerste taal nie. Ten einde die skrywer van hierdie artikel in staat te kon stel om sinvol met die tuiniers te kommunikeer, is die onderhoude meesal in Engels gevoer. In die meerderheid gevalle is Sesotho en Setswana die ondervraagdes se eerste taal terwyl Engels en, in sommige gevalle, Afrikaans hulle tweede taal is. Die beperking wat dialoog in die ondervraagdes se tweede taal op hulle vermoë om hulself te kon uitdruk geplaas het, asook die moontlikheid dat die onderhoude subjektief daardeur beïnvloed is, word hiermee erken.

Ander faktore wat moontlik die onderhoude subjektief kon beïnvloed sluit in ras, geslag, ouderdom, klas, emosies, die mate van vertroue tussen onderhoudvoerder en ondervraagde, die ondervraagde se geheue en die soort vrae wat die onderhoudvoerder gestel het. 'n Mondelinge onderhoud is dus nie net 'n dinamiese en komplekse dialoog nie, maar ook inherent 'n subjektiewe een. Daarom argumenteer Field dat “... oral histories are not recovered, but are co-created through intersubjective dialogues”.²⁸ Feite (en versinsels) word tydens 'n onderhoud deur middel van interaksie tussen onderhoudvoerder en ondervraagde geskep en gekommunikeer.²⁹

Batho: 'n Historiese agtergrond

Batho, Bloemfontein se oudste township, is amptelik in 1918 gestig nadat die Bloemfonteinse Stadsraad (hierna stadsraad) besluit het om die Waaihoek-lokasie te sloop en al die inwoners na Batho te verskuif. Hoewel die inwoners geen keuse gehad het nie, was hierdie verskuiwing

²⁶ Transkripsies van die onderhoude word in die Nasionale Museum se biblioteek gehuisves en is op navraag vir insae beskikbaar.

²⁷ Sean Field, *Oral history, community, and displacement: Imagining memories in post-apartheid South Africa* (Palgrave Macmillan, New York, 2012), p. 150.

²⁸ Field, p. 4.

²⁹ Lynn Abrams, *Oral history theory* (Routledge, New York, 2010), p. 54; Paul Thompson, *The voice of the past: Oral history* (Oxford University Press, Oxford, 2000), pp. 140, 156-7; Field, pp. 157, 160, 171.

geleidelik (1918–1941) in teenstelling met die oorhaastige gedwonge verskuiwings wat elders³⁰ geïmplementeer is.³¹ Daar was verskeie redes vir die uitlê van Batho as ’n beplande en geordende “hygienic Native township”:³² Waaihoek was oorvol en vervalle;³³ Bloemfontein se wit minderheid se meerderwaardige houding teenoor mense van kleur;³⁴ die wit mense se klagte dat Waaihoek te naby aan die wit “Town”³⁵ geleë was;³⁶ die snelle verstedeliking van swart mense wat Bloemfontein se swart bevolking laat groei het;³⁷ en die sterftes as gevolg van die Spaanse Griep epidemie van 1918 wat aan oorbevolking en die krotomstandighede in Waaihoek toegeskryf is.³⁸

Op grond van die “general segregation principles”³⁹ wat destyds vir rasgesegregeerde stadsbeplanning in die Unie van Suid-Afrika (1910–1961; hierna Unie) gegeld het, is Batho oos van die Johannesburg-Kaapstad spoorlyn aangelê. Die spoorlyn moes as buffer tussen die wit stadsgedeelte en Batho dien.⁴⁰ Batho sou egter nie net nog ’n tipiese lokasie wees nie, maar ’n “model location”⁴¹ of “modellokasie” wat volgens “the best town-planning lines”⁴² uitgelê is. Ingevolge die “Bloemfontein System”,⁴³ ’n behuisingskema waarvolgens boumateriaal op “easy purchase terms”⁴⁴ gekoop kon word, moes inwoners hulle huise volgens voorgeskrewe bouplanne bou. Die huise was die inwoners se eiendom en die standplase die munisipaliteit s’n.⁴⁵

³⁰ Vergelyk byvoorbeeld met die gedwonge verskuiwings wat in die 1950’s in Sophiatown, Johannesburg geïmplementeer is. Thula Simpson, *History of South Africa: From 1902 to the present* (Penguin Books, Kaapstad, 2021), pp. 148–9.

³¹ Vrystaatse Provinsiale Argiefbewaarplek (VPA), MBL 1/2/4/1/3, Minutes of ordinary meeting of Native Affairs Committee, 20 Mei 1918, p. 3; *The Friend*, 16 Desember 1921, p. 8; 26 Februarie 1926, p. 6.

³² VPA, MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1919–1920, p. 8.

³³ VPA, MBL 1/2/4/1/3, brief van die waarnemende Superintendent of Locations aan die Town Clerk, 18 November 1918, p. 3.

³⁴ Karel Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van ’n stad, 1846–1946* (Human & Rousseau, Kaapstad, 1980), pp. 35, 83.

³⁵ VPA, MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1926–1927, p. 12.

³⁶ VPA, MBL 1/2/4/1/2, Minutes of public meeting, Waaihoek, 13 Februarie 1918, p. 1; MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1926–1927, p. 12.

³⁷ Paul Rich, “Ministering to the white man’s needs: The development of urban segregation in South Africa, 1913–1923”, *African Studies*, vol. 37, no. 2, 1978, pp. 177–80; *The Friend*, 31 Oktober 1924, p. 8.

³⁸ Jose Burman, *Disaster struck South Africa* (Struik, Kaapstad, 1971), pp. 86–7, 94; *The Friend*, 23 Desember 1918, p. 5; 11 Januarie 1919, p. 5; VPA, MBL 1/2/4/1/3, Minutes of ordinary meeting of Native Affairs Committee, 1 November 1918, pp. 1–2.

³⁹ VPA, MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1926–1927, p. 12.

⁴⁰ D.S. Krige, “Bloemfontein” in Anthony Lemon (red.), *Homes apart: South Africa’s segregated cities* (David Philip, Kaapstad, 1991), pp. 105–7.

⁴¹ *The Friend*, 25 Mei 1922, p. 7; Schoeman, p. 286.

⁴² *The Friend*, 6 Januarie 1919, p. 4.

⁴³ Krige, p. 107; Pauline Morris, *A history of black housing in South Africa* (South Africa Foundation, Johannesburg, 1981), p. 28; *The Friend*, 13 Mei 1920, p. 7.

⁴⁴ VPA, MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1923–1924, p. 6.

⁴⁵ VPA, MBL 1/2/4/1/4, Minutes of meeting of Native Affairs Committee, 1 November 1920 (aanhangel); MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1922–1923, p. 7; *The Friend*, 2 Augustus 1921, p. 4; 13 Mei 1920, p. 7; Krige, p. 107.

Behalwe vir die beter huise het die grootte van die standplase Batho van ander lokasies onderskei. In sy jaarverslag vir 1922–1923 het Burgemeester D. Urquhart⁴⁶ verduidelik dat die stadsraad se oogmerk met die nuwe lokasie was om “... decent surroundings and sanitary homes for our native citizens”⁴⁷ te verskaf. Die “decent surroundings” het verwys na standplase van 50 by 75 voet⁴⁸ wat groot genoeg vir voortuine en agterplase was. Die beskrywing van die standplase as “garden areas”⁴⁹ dui op die premie wat die oorwegend Engelssprekende stadsraad, veral die Superintendent van Lokasies John R. Cooper (1881–1946),⁵⁰ op tuinmaak en “aesthetic values”⁵¹ geplaas het.⁵² Die stadsraad is beïnvloed deur die Britse Garden City-beweging van Ebenezer Howard (1850–1928) wat gedurende die vroeë 1900’s die idee van ’n “garden city”⁵³ met “garden suburb[s]”⁵⁴ bevorder het.

Die voorsiening van “garden areas” met genoeg ruimte vir voor- en agtertuine asook gemeenskaplike krane (hoewel ontoereikend) het vrugte afgewerp. Trouens, Batho-inwoners wie se ouers en grootouers reeds sedert die 1850’s op Waaihoek se 50 by 50 voet⁵⁵ standplase tuingemaak het, het die tuintradisie in Batho voortgesit al was die tuine slegs “patch[es] of green”.⁵⁶ ’n Tuinkultuur, tuinvaardighede en tuinkennis is dus van Waaihoek se tuiniers na Batho se tuiniers oorgedra. ’n Ander tradisie is ook voortgesit, naamlik die uitlê van tuine in ’n vereenvoudigde Engelse styl met ’n simmetriese uitleg, tuinpaadjie in die middel, reghoekige, langwerpige en ronde blombeddings, geregimenteerde aanplanting, geknpte ligusterheinings⁵⁷ en vormsnoeikuns.⁵⁸

Samevattend kan gesê word dat die bou van beter huise, die voorsiening van “garden areas” en die uitlê van tuine daarin, sowel as beter watervoorsiening, baie daartoe bygedra het om van die Batho-lokasie ’n “model one in every respect”⁵⁹ te maak, om Sir Cornelius H. Wessels (1851–1924), administrateur van die Oranje-Vrystaat van 1915 tot 1924, aan te haal. Ten spyte van die feit dat dieselfde diskriminerende rassebeleide⁶⁰ wat in ander lokasies gegeld

⁴⁶ Urquhart was burgemeester van Bloemfontein van April 1923 tot Maart 1924.

⁴⁷ VPA, MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1922–1923, p. 8.

⁴⁸ Ongeveer 16.5 by 25 meter.

⁴⁹ VPA, MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1919–1920, p. 8.

⁵⁰ Cooper was Bloemfontein se Superintendent van Lokasies van 1923 tot 1945.

⁵¹ VPA, MBL 3/1/19, Mayor’s minutes, 1929–1930, p. 14.

⁵² *The Friend*, 2 Augustus 1921, p. 4; 3 Junie 1924, p. 7; 2 September 1924, p. 12 en 30 Julie 1927, p. 11.

⁵³ Ebenezer Howard, *Garden cities of to-morrow* (Attic Books, Eastbourne, 1985), pp. vi–viii.

⁵⁴ Mark Clapson, “The suburban aspiration in England since 1919”, *Contemporary British History*, vol. 14, no. 1, 2000, p. 152.

⁵⁵ Ongeveer 16.5 by 16.5 meter.

⁵⁶ Historical Papers, Universiteit van die Witwatersrand (HP), J. Clements-Frazer, “Scattering the seed”, *Quarterly Paper*, vol. 179, 25 Januarie 1913, p. 17. Amptelik bekend as die *Quarterly Paper of the O.F.S. Mission* (later die *Bloemfontein Mission*).

⁵⁷ *Ligustrum ovalifolium* was die Waaihoek-tuiniers se voorkeur ligusterspesie vir heinings. Kweper (*Cydonia oblonga*), granaat (*Punica granatum spp.*) en vy (*Ficus carica*) is ook algemeen gebruik.

⁵⁸ VPA, A. 3(4/1)(9/2/2), Extracts, South African Races Committee, land tenure, manuskrip, p. 2; MBL 3/1/11, Report on Native Locations 1906, p. 68; MBL 3/1/15, Report of Superintendent of Parks and Forestry 1912, p. 108; MBL 1/2/5/1/1, Report of Superintendent of Parks and Forestry, 18 Desember 1917, p. 4; HP, Miss Donovan, “Half-caste school”, *Quarterly Paper*, vol. 33, Julie 1876, p. 22; Clements-Frazer, p. 17; *The Friend*, 2 Augustus 1921, p. 4.

⁵⁹ *The Friend*, 25 Mei 1922, p. 7.

⁶⁰ Verwys in die verband na die segregasiebeleid (1910–1948) en die apartheidsbeleid (1948–1994).

het, ewe streng in Batho toegepas is,⁶¹ het die inwoners volgens hulle mondelinge getuienisse, wat vervolgens bespreek word, met oorgawe tuingemaak.

Mondelinge beskrywings van of getuienisse oor tuine, tuinstyl en tuinmaak in Batho

“I like the square shape very much”: ’n Voorkeur vir formaliteit en vormsnoeikuns

Batho se reghoekige tuine met hulle oorwegend simmetriese uitleg en vormsnoeikuns is duidelik onderskeibaar van die enkele tuine met ’n informele uitleg. Die tuiniers se begrip van die konsepte “tuin” teenoor “natuur” het nie net hulle verstaan van ’n tuin as mensgemaakte skepping bevestig nie, maar ook hulle voorkeur vir formaliteit en die idee dat ’n tuin noodwendig ’n skepping met ’n formele uitleg is of behoort te wees. Vir Dorah Mvimbi (geb. 1934) is daar ’n groot verskil tussen ’n natuurlike landskap en ’n tuin. As sy moes kies, dan kies sy ’n tuin soos haar eie formele een: “’n Tuin is vir my die mooiste.”⁶² Maria Lekholo (geb. 1958) glo dat ’n tuin en die natuur nie dieselfde is nie omdat hulle verskillend lyk en verskillend ervaar word: “A garden is different – it feels like I am at another place.”⁶³ Indien sy tussen ’n tuin en ’n natuurlike landskap moes kies, dan kies sy eersgenoemde. Die oorgrote meerderheid Batho-tuiniers beskou ’n tuin as ’n formele skepping wat van ’n natuurlike landskap onderskeibaar is. Vir ’n klein minderheid, soos Mohau Phakoe (geb. 1942), is daar geen wesenlike verskil tussen die twee nie: “Ek vat dit [tuin] as natuur, want gras is natuur en bome ook; tuin en natuur is dieselfde ding.”⁶⁴

Die Batho-tuiniers se voorkeur vir die formele tuinstyl vind neerslag in hulle smaak vir reguit lyne, skerp hoeke, simmetrie en geometriese vorme soos vierkante, reghoeke en sirkels. Die meeste tuiniers het sterk opinies oor hulle stylvoorkeure. Met verwysing na haar formele tuin met vormsnoeikuns het Keabecoe Zim (geb. 1962) verklaar: “I like the square shape very much.”⁶⁵ Ramotlanha Moiloa (geb. 1947) het ook sý stylvoorkeur so opgesom: “It must be square.”⁶⁶ Sommige tuiniers kon ook verduidelik waar hulle voorkeur vir formaliteit vandaan kom. Maria Marumo (geb. 1938; Figuur 2) het vertel dat ’n voorliefde vir reguit lyne en vormsnoeikuns reeds vir dekades die Marumo-familie se smaak is: “I like the straight lines – my father’s garden was also straight.”⁶⁷

⁶¹ Vir meer besonderhede, lees Derek du Bruyn, “Memories and testimonies of passbooks, permits and *platkeps* in apartheid-era Batho, Mangaung”, *New Contree*, vol. 91, 2024, pp. 1-19.

⁶² Nasionale Museum Mondelinge Geskiedenis-versameling (NMMGV), onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Dorah M. Mvimbi, Batho, 24 November 2014.

⁶³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Maria Lekholo, Batho, 29 November 2014. “’n Tuin is anders – dit voel asof ek op ’n ander plek is.” (Vrye vertaling)

⁶⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mohau Phakoe, Batho, 25 November 2014.

⁶⁵ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Keabecoe M. Zim, Batho, 28 Oktober 2014. “Ek hou baie van die vierkantige vorm.” (Vrye vertaling)

⁶⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Ramotlanha P. Moiloa, Batho, 30 Maart 2011. “Dit moet vierkantig wees.” (Vrye vertaling)

⁶⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Maria M. Marumo, Batho, 28 Oktober 2014. “Ek hou van die reguit lyne – my pa se tuin was ook reguit.” (Vrye vertaling)



Figuur 2: *Maria Marumo besig om 'n liguster in haar tuin in die "stokkielekker"-styl te snoei, Batho, 2010. (Foto: Derek du Bruyn)*

'n Ander tuinier wie se pa by haar 'n voorliefde vir vormsnoeikuns ontwikkel het, is Selina Moilola (geb. 1951; Figuur 3). Met verwysing na dr. James J. Moilola (Figuur 4), 'n Sesotho-taalkundige wat in die apartheidsjare bekend was vir sy mooi Batho-tuin met unieke vormsnoeikuns, het Selina haar voorkeur bevestig: "I like that style."⁶⁸ Eugenia Ngatane (geb. 1969) het haar voorliefde vir reguit lyne en geometriese vorms aan haar oorlede man, Joseph Ngatane, toegeskryf. Joseph, 'n ywerige tuinier wat bekend was vir sy netjiese geknipte ligusterheinings, het vir Eugenia die vormsnoeikuns geleer. Ter ere aan Joseph se nagedagtenis knip sy steeds die heinings soos hy dit gedoen het. "I want his spirit to keep living [in the clipped hedges] because he spent most of his time in the garden",⁶⁹ het Eugenia vertel.

Sommige Batho-tuiniers het verduidelik wat hulle voorkeur vir reguit lyne en geometriese vorms simboliseer. Volgens Abednego Loape (geb. 1983) dien sy veelvlakke ligusterheining 'n tweeledige doel, naamlik as 'n funksionele heining voor sy huis en as 'n ornamentele heining

⁶⁸ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Selina S. Moilola, Batho, 18 Mei 2013. "Ek hou van daardie styl." (Vrye vertaling)

⁶⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Eugenia M. Ngatane, Batho, 29 Oktober 2014. "Ek wil hê sy gees moet voortleef [in die geknipte heinings] omdat hy die meeste van sy tyd in die tuin deurgebring het." (Vrye vertaling)



Figuur 3: *Selina Moilola besig om vormsnoeikuns in haar tuin te beoefen, Batho, 2013. Die huis en tuin het oorspronklik aan haar pa, dr. J.J. Moilola, behoort. (Foto: Derek du Bruyn)*



Figuur 4: *Dr. J.J. Moilola staan by 'n gesnoeide boog by die voorhekkie van sy Batho-tuin, 1977. (Foto: Moilola-familie privaat fotoversameling)*

wat sy vaardigheid as kunssnoeier vertoon. Hy het sy heining (Figuur 5) soos volg beskryf: “I like it that way – like a flat table and a step.”⁷⁰ Lorenti Moeketsi (geb. 1961) verkies ook sy vormsnoeikunsstruik “... [to] look like tables”, naamlik, “... flat on top and round”.⁷¹ Ander Batho-tuiniers het vrye teuels aan hulle verbeelding gegee toe hulle op die voorkoms van hul geknipte heinings besluit het. Daniel Mphothane (geb. 1973) het sy liefde vir sokker in sy “stokkielekker”-vormsnoeikuns uitgebeeld. Daniel het verduidelik dat die bolvormige ligusters in sy voortuin sokkerballe voorstel. Sy vaardigheid as kunssnoeier kom oorspronklik van sy oupa wat self ’n sokkerentoesias én kranige tuinier was.⁷²

Terwyl sommige Batho-tuiniers se smaak vir formaliteit uit vorige geslagte na hulle oorgedra is, het ander weer inspirasie uit klassieke Europese tuine geput. Een so ’n tuinier is Herbert Rampana (geb. 1957; Figuur 6) wat verduidelik het dat die inspirasie vir sy tuin gekom het van ’n afdruk van ’n formele Europese tuin wat in sy voorkamer gehang het. Hy het die reguit lyne en ronde vorms van die tuin in die prent in sy eie tuin herhaal waar hy dieselfde voorkoms nastreef: “I cut them [shrubs] so that they must ‘come together’.”⁷³ Herbert se verduideliking dat die struik “bymekeer kom” illustreer die voorkoms wat in Batho se tuine verbeel en nagestreef word ten beste, naamlik ’n netjiese en kompakte voorkoms wat verkry word deur



Figuur 5: *Abednego Loape se veelvlakkige heining voor sy huis, Batho, 2011. (Foto: Derek du Bruyn)*

⁷⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Abednego K. Loape, Batho, 5 April 2011. “Ek hou daarvan so – soos ’n plat tafel en ’n trap.” (Vrye vertaling)

⁷¹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Lorenti M. Moeketsi, Batho, 28 Maart 2013. “... soos tafels [te] lyk”; “... plat aan die bokant en rond”. (Vrye vertaling)

⁷² NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Daniel M. Mphothane, Batho, 28 Maart 2013.

⁷³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Herbert T. Rampana, Batho, 28 Maart 2013. “Ek snoei hulle [struik] sodat hulle ‘bymekeer kom’.” (Vrye vertaling)



Figuur 6: Herbert Rampana poseer met die afdruk van die Europese tuin wat die inspirasie vir sy eie tuin was, Batho, 2013. (Foto: Derek du Bruyn)

digte immergroen struik soos sipresse (*Cupressus spp.*) en ligusters gereeld terug te snoei. Ernstige tuiniers, soos Michael Molelekoa (geb. 1940), sien nie net dat hulle voorliefde vir simmetrie en geometrie in hul eie tuine gestalte kry nie maar ook in ander tuine. Michael bied sy dienste as vormkunssnoeier aan vir diegene wat nie vir die vermoeiende snoeiwerk kans sien nie. So kry hy die geleentheid om ander se struik te knip sodat dit “bymekaar kom”.⁷⁴

Vir die meeste Batho-tuiniers is formaliteit en vormsnoeikuns nou verwant aan mekaar; formaliteit word noodwendig met die snoei en knip van struik geassosieer. Volgens Eugenia Ngatane is die omvorming van plante tot vormsnoeikuns “... a way of pruning so that they [plants] can’t grow bigger than they are supposed to”.⁷⁵ Soos ander Batho-tuiniers, is Eugenia van mening dat sommige plante nie veronderstel is om groot te word nie. Deur die struik terug te snoei verkry hulle “... a better shape”,⁷⁶ aldus Eugenia. Vir haar is daar ook ’n praktiese rede, naamlik dat die beperkte ruimte in Batho se klein tuintjies nie die onbeheerde groei van struik toelaat nie. Dit is vir dieselfde rede dat Mercy Khantwane (geb. 1958) die struik in haar tuin gereeld knip sodat hulle verhoed word om vorm te verloor, “... [to] get out of shape”⁷⁷ soos sy dit gestel het. Simon Ditema (geb. 1960) glo ook dat dit belangrik is om vorm aan ’n formele tuin te gee. Die snoei van struik is volgens hom ’n “... way of shaping your garden”⁷⁸ sodat dit nie vorm verloor nie.

⁷⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Michael R. Molelekoa, Batho, 4 November 2014.

⁷⁵ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Eugenia M. Ngatane, Batho, 29 Oktober 2014. “... ’n manier van snoei sodat hulle [plante] nie groter word as wat hulle veronderstel is om te wees nie”. (Vrye vertaling)

⁷⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Eugenia M. Ngatane, Batho, 29 Oktober 2014. “... ’n beter vorm”. (Vrye vertaling)

⁷⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mercy L. Khantwane, Batho, 21 April 2015. “... [om] vorm te verloor”. (Vrye vertaling)

⁷⁸ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met P.S. Ditema, Batho, 8 Mei 2013. “... manier om vorm aan jou tuin te gee”. (Vrye vertaling)

Terwyl die meeste Batho-tuiniers glo dat die geheelindruk wat hulle tuine skep belangrik is, is daar diegene wat nog verder kyk en die tuin as 'n verlengstuk van die huis beskou. Abednego Loape glo dat 'n huis nie sonder 'n voortuin kan wees nie, veral nie sonder 'n vormsnoeikuns-voortuin nie, want "... it [topiary] give[s] the house shape".⁷⁹ Ernstige tuiniers, waaronder Maria Lekholo, is dit eens dat hulle nederige Batho-huisies 'n netjiese voortuin benodig ten einde die huis se voorkoms te verbeter.⁸⁰ Daarom is ook Stanley Motingoe (geb. 1952) oortuig dat 'n vormsnoeikunstuin met 'n netjiese, geknipte heining die "facing"⁸¹ van 'n huis kan verbeter: "If your house is not beautiful you shelter it by the [sic] hedge; then it looks beautiful."⁸² Sommige tuiniers gaan selfs verder deur die styl van die tuin by die styl van die huis te laat aanpas. Johannes Hlubi (geb. 1965) glo dat die verhouding tussen huis en tuin so belangrik is dat die twee mekaar moet komplementeer: "I see the pattern of the house is like this, so the trees [topiary] is [sic] like the house – the same."⁸³ Die geknipte heining voor Johannes se huis is 'n spieëlbeeld van die huis se trapgewel (Figuur 7).

"To make a shape in a tree": Die Batho-tuiniers se tuinwoordskat

Batho se tuiniers het hulle eie tuinwoordskat ontwikkel met terminologie en frases in Sesotho, Setswana, Engels en Afrikaans wat gebruik word wanneer hulle na vormsnoeikuns of die aksie van snoei en knip van struik en bome verwys. Hierdie tuinwoordskat gee uitdrukking aan 'n basiese stylleksikon, naamlik dié van formaliteit en alles wat in 'n township-konteks met hierdie voorkoms geassosieer word. Die tuiniers het verduidelik dat hulle meesal dieselfde terminologie en frases gebruik wat hulle ouers en voorouers gebruik het. Volgens Batho se veteraantuinier, Sarah Mahabane (geb. 1927), wat op 'n jong ouderdom in die laat 1930's in Batho begin tuinmaak het, word 'n enkele geknipte struik in Sesotho "sefate" en meer as een "difate" genoem.⁸⁴ Die Setswana-terme daarvoor is "setlhare" (enkelvoud) en "ditlhare" (meervoud).⁸⁵

Terwyl bogenoemde terme algemeen in Batho gebruik word om na die vormsnoeikuns te verwys, is dit vanuit 'n taalkundige oogpunt verwarrend aangesien dit in werklikheid verwys na enige boom of struik, gesnoei of ongesnoei. Tog gebruik Batho-tuiniers die terme om vormsnoeikuns of enige gesnoeide struik of boom te beskryf. Die gebruik van hierdie woorde

⁷⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Abednego K. Loape, Batho, 5 April 2011. "... dit [vormsnoeikuns] gee vorm aan die huis". (Vrye vertaling)

⁸⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Maria Lekholo, Batho, 29 November 2014.

⁸¹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met M.S. Motingoe, Batho, 18 April 2016. "aangesig". (Vrye vertaling)

⁸² NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met M.S. Motingoe, Batho, 18 April 2016. "As jou huis nie mooi is nie versteek jy dit agter 'n heining; dan lyk dit mooi." (Vrye vertaling)

⁸³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Johannes T. Hlubi, Batho, 1 Mei 2013. "Ek sien die patroon van die huis is so, dus is die bome [vormsnoeikuns] soos die huis – dieselfde." (Vrye vertaling)

⁸⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Sarah M. Mahabane, Batho, 7 en 20 November 2014. Lees ook Anon., *Pharos South African multilingual dictionary* (NB, Kaapstad, 2015), p. 219; Anon., *Reader's Digest South African multi-language dictionary and phrase book* (The Reader's Digest Association South Africa, Kaapstad, 1991), p. 311.

⁸⁵ Anon., *Pharos South African multilingual ...*, p. 219; Anon., *Reader's Digest South African ...*, p. 361; Pam Wilken, *Understanding everyday Setswana: A vocabulary and reference book* (Maskew Miller Longman, Kaapstad, 1994), p. 27.



Figuur 7: *Johannes Hlubi staan by die geknipte ornamentele heining wat sy huis se trapgewel naboots, Batho, 2013. (Foto: Derek du Bruyn)*

as inklusiewe sambreelterme is waarskynlik gewortel in die feit dat Batho se tuiniers byvoorbeeld die snoei van vrugtebome – ’n kuns wat baie van hulle by wit mense geleer het – en die knip van ornamentele struik tot vormsnoeikuns, as dieselfde konsep beskou. Die verskil tussen “knip” en “snoei” is nie duidelik afgebaken nie, want beide is wesenlik dieselfde handeling ongeag die doel, hetsy funksioneel of ornamenteel.⁸⁶

Volgens Mercy Khantwane is die Setswana-woord “popego” wat, volgens haar, “... to make a shape in a tree”⁸⁷ beteken, die mees gepaste term om die vormsnoeikuns te beskryf. In werklikheid verwys “popego” na die kurwes van ’n menslike liggaam. As gevolg van die ooreenkomste tussen sommige vormsnoeikuns-style en menslike rondinge, word die term gebruik om ook na die vormsnoeikuns te verwys. Terme wat deur Batho se Sesotho-sprekendes gebruik word om na vormsnoeikuns te verwys sluit in “dimela”,⁸⁸ die Sesotho-woord vir plante

⁸⁶ Derek du Bruyn, “‘Township Topiary’: The history of the English-style gardens of Batho, Mangang (1846–1948)”, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein*, vol. 27, no. 3, Desember 2011, p. 61.

⁸⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mercy L. Khantwane, Batho, 21 April 2015. “... om ’n vorm in ’n boom te maak”. (Vrye vertaling)

⁸⁸ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met M.S. Motingoe, Batho, 18 April 2016.

(enkelvoud “semela”) en “malomo”,⁸⁹ die Sesotho-woord vir blomme (enkelvoud “lelomo”).⁹⁰ Volgens Simon Ditema differensieer sommige Batho-tuiniers nie wanneer dit kom by die beskrywing van plante, blomme en vormsnoeikuns nie: “We just call them *malomo* – all of them.”⁹¹ Die “all of them” sluit by implikasie alle struik en bome in, hetsy gesnoei of ongesnoei. Volgens Batho se tuiniers het die terme “topiarië” of “vormsnoeikuns” soos wat hulle in hul klassieke Europese konteks verstaan word, nie direkte Sesotho- of Setswana-vertalings nie.⁹²

Behalwe vir die Sesotho- en Setswana-terme, word Engelse terme soos “fencing trees”,⁹³ “fence trees”,⁹⁴ “evergreen trees”⁹⁵ en “green trees”⁹⁶ wat gewoonlik met verwysing na geknippte heinings gebruik word, ook gebruik om na die vormsnoeikuns in die algemeen te verwys. In plaas van enkele terme, gebruik sommige Batho-tuiniers omskrywings wat die snoeiaksie van ’n struik of boom tot vormsnoeikuns beskryf. Veteraan-tuinier Margaret Madito (geb. 1940) het verduidelik dat ’n plant wat reeds deur vormsnoeikuns in haar tuin omvorm is, “setlhare se kutilweng”⁹⁷ in Setswana genoem word. Die gebruik van beskrywende frases in plaas van enkelterme hou verband met die unieke aard van Batho se vormsnoeikuns. Die skep en instandhouding daarvan verg vaardigheid en toegewyde versorging. Volgens die Batho-tuiniers kan ’n vormsnoeikuns wat slegs oor ’n lang tydperk kon ontwikkel moeilik, indien nie onmoontlik nie, met ’n enkele woord beskryf word.⁹⁸

Ander relevante terme wat deel van die Batho-tuiniers se tuinwoordeskat vorm, verwys na die gereedskap wat gebruik word om die vormsnoeikuns te beoefen. Snoeiskêre, tuinskêre, plaatskêre en knippers word algemeen beskryf as “skere”⁹⁹ of “sekere”.¹⁰⁰ Dikwels word ook na sulke gereedskap verwys as “sekere sa difate”¹⁰¹ in Sesotho of, in die geval van Setswana,

⁸⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Lorenti M. Moeketsi, Batho, 28 Maart 2018.

⁹⁰ Motsamai J. Motsapi (red.), *The official English-Sesotho dictionary* (South African National Lexicography Units, s.l., 2015), pp. 132, 253.

⁹¹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met P.S. Ditema, Batho, 8 Mei 2013. “Ons noem hulle net *malomo* – almal van hulle.” (Vrye vertaling)

⁹² NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met J. Modisapudi, Batho, 17 Januarie 2011; J. None, Batho, 17 Januarie 2011; E. Swanepoel, Batho, 17 Januarie 2011 en M. Turner, Batho, 17 Januarie 2011.

⁹³ NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met A.P. Koitheng, Batho, 12 April 2010 en Freddy M. Languza, Batho, 9 Julie 2014. “Omheining-bome”. (Vrye vertaling)

⁹⁴ NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met Abednego K. Loape, Batho, 5 April 2011 en Herbert T. Rampana, Batho, 28 Maart 2013. “Heining-bome”. (Vrye vertaling)

⁹⁵ NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met M.M. Dikane, Batho, 27 Januarie 2012 en H. Lebakeng, Batho, 17 Januarie 2011. “Immergroen bome”. (Vrye vertaling)

⁹⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Johannes T. Hlubi, Batho, 1 Mei 2013. “Groen bome”. (Vrye vertaling)

⁹⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Margaret Madito, Batho, 31 Oktober 2014. “Gesnoeide plante”. (Vrye vertaling)

⁹⁸ NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met J. Modisapudi, Batho, 17 Januarie 2011; J. None, Batho, 17 Januarie 2011; E. Swanepoel, Batho, 17 Januarie 2011 en M. Turner, Batho, 17 Januarie 2011; Du Bruyn, “‘Township Topiary’: The history ...”, p. 61; Lees ook Angela Read Lloyd, *The artist in the garden: The quest for Moses Tladi* (Print Matters, Noordhoek, 2009), pp. 16-9.

⁹⁹ NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met Freddy M. Languza, Batho, 9 Julie 2014 en R.P. Moiloa, Batho, 30 Maart 2011. Die woord “skere” is ’n bedorwenheid van die woord “sekere” wat op sy beurt van die Afrikaanse woord “skêr” afgelei is.

¹⁰⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Abednego K. Loape, Batho, 5 April 2011. Lees ook Anon., *Pharos South African multilingual ...*, p. 183.

¹⁰¹ NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met P.S. Ditema, Batho, 8 Mei 2013 en P. Moholo, Batho, 8 en 13 Mei 2013.

“sekere sa dithare”.¹⁰² Die woord “sekere” is dus ’n sambreelterm vir konvensionele skêre sowel as alle snoeiskêre, tuinskêre en knippers wat vir snoeiwerk gebruik word. Engelse terme wat gebruik word sluit in “scissors”,¹⁰³ “long scissors”¹⁰⁴ en “tree scissors”¹⁰⁵ terwyl die Afrikaanse terme “lang snoeiskêr”¹⁰⁶ en “skaapskêr”¹⁰⁷ algemeen gebruik word om twee tipes tuingereedskap mee te beskryf. In Sesotho word die snoeiaksie “kuta”¹⁰⁸ genoem en in die geval van struik en bome, “ho kuta difate”¹⁰⁹ en “o a kuta difate”.¹¹⁰ Die Sesotho-woord “faola”¹¹¹ wat “snoei” beteken en “fokotsa”,¹¹² wat “om kleiner te maak” beteken, word ook gebruik om na die knip of snoei van plante te verwys.¹¹³

Batho se tuiniers het dus ’n tuinwoordeskat ontwikkel wat nie net geskoei is op terme wat vroeëre geslagte tuiniers gebruik het nie. Hulle het ook hul eie frases ontwikkel wat ’n spesifieke aksie, soos die snoei van ’n struik om dit te omvorm of kleiner te maak beskryf, eerder as ’n kunsvorm of konsep, soos die Afrikaanse woorde “snoeikuns” en “vormsnoeikuns”, asook die Engelse term “topiary”. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die frase “to make a shape in a tree”. Toepaslike Engelse en Afrikaanse woorde het algaande ook deel van die Batho-tuiniers se tuinwoordeskat geword; hoofsaaklik as gevolg van swart tuiniers en tuinarbeiders se interaksie met wit tuiniers en werkgewers. Diversiteit eerder as uniformiteit kenmerk dus die Batho-tuiniers se tuinwoordeskat.

“A hiding-place for evil-doers”: Die invloed van misdaad en kriminaliteit op Batho se tuine en snoeikuns

Sedert Batho se ontstaan het verskeie faktore ’n invloed op die township se tuine gehad. Hierdie faktore sluit onder andere die inwoners se sosio-ekonomiese omstandighede in,¹¹⁴ die beskikbaarheid al dan nie van water vir tuine,¹¹⁵ uiterste klimaatstoestande soos langdurige

¹⁰² NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Johannes T. Hlubi, Batho, 1 Mei 2013.

¹⁰³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met T.S. Sebeela, Batho, 14 April 2014. “Skêr”. (Vrye vertaling)

¹⁰⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met M. Lekholo, Batho, 29 November 2014. “Lang skêr”. (Vrye vertaling)

¹⁰⁵ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Herbert T. Rampana, Batho, 28 Maart 2013. “Boomskêr”. (Vrye vertaling)

¹⁰⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Sarah Khetse, Batho, 26 November 2013.

¹⁰⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Ntombi Pongola, Batho, 16 April 2012.

¹⁰⁸ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met A.P. Koitheng, Batho, 12 April 2010. “Om te sny of knip”. (Vrye vertaling)

¹⁰⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Florence K. Segoe, Batho, 4 November 2014. “Om die plante/ bome te knip”. (Vrye vertaling)

¹¹⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met P. Moholo, Batho, 8 en 13 Mei 2013. “Hy/ sy knip die plante/ bome.” (Vrye vertaling)

¹¹¹ Motsapi, *The official English-Sesotho ...*, p. 266.

¹¹² NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Frans M. Liutluleng, Batho, 14 April 2011.

¹¹³ Motsapi, *The official English-Sesotho ...*, p. 276.

¹¹⁴ Sosio-ekonomiese omstandighede in Batho het veral sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog versleg. Vir meer besonderhede, lees Charl le Roux, “The role of the South African Police and supportive local authorities in crime prevention in Mangaung, Bloemfontein, 1945–1976”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 28, no. 3, Desember 2003, pp. 198–215.

¹¹⁵ Vir meer besonderhede, lees *The Friend*, 3 Junie 1924, p. 7; 2 September 1924, p. 12; 30 Julie 1927, p. 11; 29 Mei 1931, p. 10; HP, AD 1765, Yearly report on locations, 1925–1926, p. 2; VPA,

droogtes, hittegolwe, ryp en haelbuie;¹¹⁶ asook inisiatiewe van die munisipaliteit en ander individue, waaronder Lokasie-superintendente en raadslede, om tuinmaak in Batho te bevorder. Hierdie inisiatiewe het boomplantveldtogte¹¹⁷ en tuinkompetisies¹¹⁸ ingesluit. 'n Faktor wat gedurende die onderhoude sterk deur die Batho-tuiniers beklemtoon is en vir die doel van hierdie artikel uitgesonder word, is die invloed van misdaad en kriminaliteit op die voorkoms van hulle tuine en vormsnoeikuns. Alhoewel sommige tuiniers beweer dat misdaad eers ná 1994 'n beduidende faktor geword het, het navorsing getoon dat dit lank voor 1994 al 'n belangrike rol in Batho gespeel het.¹¹⁹

Gedurende en ná afloop van die Tweede Wêreldoorlog het misdaad, kriminaliteit en veral bende-verwante jeugmisdaad merkbaar in Batho en sy naburige lokasie, Bochabela (gestig 1925), toegeneem. Dit was veral die *bo-tsotsi*-bendes wat hulle hieraan skuldig gemaak het.¹²⁰ Verstedeliking, oorbevolking en stygende werkloosheid het 'n substratum van behoeftige lokasiebewoners geskep.¹²¹ Tydens die politieke onstuimige 1970's en 1980's het die nuwe-effekte van die genoemde maatskaplike probleme steeds sigbaarder in Bloemfontein se snel-veranderende stedelike landskap geword. Groot getalle arm en hawelose swart mense het, soos vorige geslagte, vanaf plase en dorpe na Bloemfontein migreer op soek na werk en beter lewensomstandighede. Een van die gevolge hiervan was dat oop ruimtes in formele lokasies soos Batho en Bochabela deur aankomelinge beset is omdat geen formele behuising verskaf is nie.¹²²

Derde-geslag tuinier Mogrey Mogaecho (geb. 1969) het vertel dat die oop stuk grond oorkant sy grootouers, dr. James D. en Emily Mogaecho, se huis in Batho oornag deur 'n groep "plakkers" beset is. Hulle het informele hutte opgerig terwyl daar geen watervoorsiening en sanitasiegeriewe was nie. Mogrey het vertel dat dit die begin van sy familie se probleme met misdadigers was. Die Mogaechos se hoë ligusterheining (Figuur 8), wat veronderstel was om

MBL 1/2/3/1/36, Report of City Engineer: Re proposed water tariff for gardening purposes, 10 Mei 1929, p. 5.

¹¹⁶ Vir meer besonderhede, lees Ladislav Mucina en Michael C. Rutherford (reds), *The vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland* (South African National Biodiversity Institute, Pretoria, 2006), p. 381; VPA, MBL 1/2/3/1/20, Annual report of Curator of Parks, 1926, p. 3; MBL 1/2/3/1/44, Report of Curator of Parks, 12 Januarie 1931, pp. 1-2.

¹¹⁷ Vir meer besonderhede, lees VPA, MBL 1/2/4/1/5, brief van G.P. Cook, Superintendent of Locations, aan G. Golds Esq., Acting Town Clerk, 20 September 1921, p. 2; MBL 1/2/4/1/5, Minutes of meeting of Native Affairs Committee, 24 Oktober 1921, p. 3; MBL 1/2/4/1/32, Minutes of ordinary meeting of Native Advisory Board, 8 Mei 1939, p. 2; *The Friend*, 31 Augustus 1936, p. 8.

¹¹⁸ Vir meer besonderhede, lees VPA, MBL 1/2/4/1/9, Report of Superintendent of Locations, Januarie 1926, 2 Februarie 1926, p. 1; MBL 1/2/4/1/28, Minutes of ordinary meeting of Native Advisory Board, 3 Maart 1937, p. 1.

¹¹⁹ Lees byvoorbeeld Le Roux, "The role of the ...", pp. 198-215.

¹²⁰ Le Roux, "The role of the ...", pp. 202-4; Charl le Roux, "The performance of tsotsi gangs and causes leading to their formation in Mangaung, Bloemfontein, 1945-1976", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, vol. 29, no. 2, September 2004, pp. 43-7; *The Friend*, 16 Desember 1918, p. 3; 21 Februarie 1922, p. 2; 26 September 1923, p. 5; *Umteteli wa Bantu*, 17 Julie 1926, p. 2; 9 Januarie 1932, p. 2; *Die Volksblad*, 27 September 1923, p. 4; 14 Junie 1932, p. 8.

¹²¹ VPA, MBL 1/2/4/1/34, brief van F.M. Symes, St Michael's School, Bloemfontein, aan die bestuurder van die Native Administration Department, Bloemfontein, 28 Maart 1940; MBL 1/2/4/1/35, Interdepartmental commission of enquiry concerning economic, health and social conditions of natives in urban areas: Questionnaire and replies, 25 Oktober 1941, passim; MBL 1/2/4/1/36, Minutes of ordinary meeting of Native Advisory Board, 3 Desember 1942, p. 2.

¹²² Krige, pp. 108-9.



Figuur 8: *Lede van die Mogaecho-familie staan voor die geknigte ligusterheining wat misdadigers as skuilplek gebruik het, Batho, ca. 1960's. (Foto: Mogaecho-familie privaat fotoversameling)*

privaatheid te verseker, het 'n veiligheidsrisiko geword. Die heining het kriminele “gehelp” omdat hulle daaronder of daaragter kon skuil. Volgens Mogrey was sy familie genoodsaak om op te tree want, soos hy dit gestel het, “... we became scared”.¹²³

Die toename in misdaad het nie net die Batho-inwoners se daaglikse lewens beïnvloed nie, maar die gevolge daarvan was ook merkbaar in hulle onmiddellike huishoudelike omgewings, naamlik in voortuine, agterplase en op sypaadjies. In die 1920's en 1930's was daar sterk klem op boomaanplanting in Batho, vandaar die munisipaliteit se boomplantinisiatiewe. In reaksie op kritiek van die destydse Unieregering¹²⁴ se Sentrale Behuisingsraadslede¹²⁵ dat te min bome op Batho se sypaadjies geplant is,¹²⁶ het R.N. Brits, Assistent-bestuurder van die munisipaliteit se Native Administration Department¹²⁷ 'n insiggewende verduideliking namens Cooper, toe Bestuurder van die departement, gegee. Nie net het Brits die kritiek ongegrond gevind nie – gegewe die duisende bome wat tydens Cooper se termyn as Superintendent van Lokasies geplant is – maar hy het ook die lokasiebewoners se groeiende teësin in groot bome verduidelik. Volgens Brits het die deursnee Batho-inwoner groot bome voor hulle huise as “... courting trouble”¹²⁸ en as “... a hiding-place for evil-doers” beskou.¹²⁹

¹²³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mogrey Mogaecho, Batho, 9 April 2013. “... ons het bang geword”. (Vrye vertaling).

¹²⁴ Regering van die Unie van Suid-Afrika (1910–1961).

¹²⁵ Central Housing Board.

¹²⁶ VPA, MBL 1/2/4/1/36, Native housing: Report by Messrs. Jameson and Cleland of the Central Housing Board, 29 Julie 1942, p. 4.

¹²⁷ Voor 1948 is die name van die munisipaliteit se departemente, rade en komitees slegs in Engels aangedui.

¹²⁸ VPA, MBL 1/2/4/1/36, brief van R.N. Brits aan die bestuurder van die Native Administration Department, Bloemfontein, s.a., p. 4.

¹²⁹ VPA, MBL 1/2/4/1/36, brief van R.N. Brits aan die bestuurder van die Native Administration Department, Bloemfontein, s.a., p. 4.

Brits se gebruik van die term “evil-doers” het verwys na misdadigers, destyds ook genoem “tsotsis”,¹³⁰ wat die blaarryke takke van groot bome as wegkruipplekke gebruik het voordat hulle op hul slagoffers toegeslaan het. Gevolglik is aangeplante groot bome óf afgekap óf drasties teruggesnoei om te verhoed dat dit as skuilplek gebruik word.¹³¹ In die proses is die bome onbedoeld tot oorgroot vormsnoeikuns omskep. Hierdie verskynsel verklaar dus waarom talle groot bome in Batho se tuine en op sypaadjies in die verlede tot vormsnoeikuns omvorm is en steeds teruggesnoei word (Figuur 9). Die feit dat bome reeds in die laat 1930’s en vroeë 1940’s op hierdie manier teruggesnoei is, dui daarop dat die invloed van misdaad op Batho se tuine en vormsnoeikuns nie ’n onlangse verskynsel is nie.

Die meerderheid tuiniers is van mening dat misdaad wel in die apartheidsjare ’n probleem in Batho was, maar dat dit ná die politieke omwenteling van 1994 aansienlik vererger het.¹³² Terwyl geringe oortredinge soos straatrowe ’n groeiende probleem is, is ernstige misdade soos aanrandings, inbrake en gewelddadige huisrowe ook aan die toeneem. Batho se tuiniers is ook slagoffers van die misdaadprobleem omdat misdadigers plante uit tuine steel. Gesteelde plante



Figuur 9: Sypaadjiebome soos hierdie karee (*Rhus pendulina*) word dikwels teruggesnoei om te verhoed dat misdadigers daarin skuil, Batho, 2011. (Foto: Derek du Bruyn)

¹³⁰ Die sleng-term “tsotsi” verwys na ’n gewelddadige jong misdadiger wat volgens instink handel. Louis Molamu, *Tsotsi-taal: A dictionary of the language of Sophiatown* (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 2003), p. 108.


¹³¹ VPA, MBL 1/2/4/1/36, brief van R.N. Brits aan die bestuurder van die Native Administration Department, Bloemfontein, s.a., p. 4.

¹³² Vir ’n bondige bespreking van Suid-Afrika se post-1994 misdaadprobleem, lees Japie Brits, “Suid-Afrika ná apartheid, 1994–2004” in Fransjohan Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag* (Tafelberg, Kaapstad, 2012), pp. 570–71.

word meesal verkoop, maar ook in die oortreders se tuine geplant. Kelebogile Mahabane (geb. 1963) het vertel dat misdadigers laatnag op haar erf gekom het om plante te steel voordat sy 'n veiligheidsheining laat oprig het.¹³³ Volgens Dorah Mvimbi beperk tuindiewe hulle nie net tot plante nie – ook krane, gieters, wateropvanghouers, tuinslange en tuinmeubels word gereeld uit tuine gesteel.¹³⁴

Die meerderheid ondervraagdes wat deur tuinmisdaad geraak word, het toegegee dat die misdaadsituasie in Batho hulle genoop het om die sekuriteit op hulle standplase te verbeter. In die meeste gevalle het die verhoogde sekuriteit ook hulle benadering tot tuinmaak en selfs die voorkoms van groot bome en struik in hulle tuine en op die sypaadjies voor hulle huise beïnvloed. Gevolglik was die eerste “slagoffers” van Batho se misdaadprobleem die groot bome en struik. Keabecoe Zim het die afwesigheid van groot bome en struik in haar tuin so verduidelik: “I do not want to ‘close’ [sic] the house because we are not safe. It is a location – we are not safe if the trees are high.”¹³⁵

Die invloed van misdaad op Batho se tuine kan ook gesien word in die wyse waarop heinings geknip word. Sedert Batho se eerste tuine uitgelê is, is geknipte liguster- en sipresheinings voor huise geplant om privaatheid te verskaf en grense tussen sypaadjies en standplase enersyds, en tussen aangrensende standplase andersyds, aan te dui.¹³⁶ Terwyl sulke heinings tradisioneel soliede groen “mure” (Figuur 10) was wat privaatheid verseker het en



Figuur 10: 'n Tipiese hoë ligusterheining wat aangeplant is om privaatheid te verseker en probleemdiere uit te hou, Batho, 2011. (Foto: Derek du Bruyn)

¹³³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Kelebogile G. Mahabane, Batho, 7 en 20 November 2014.

¹³⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Dorah M. Mvimbi, Batho, 24 November 2014.

¹³⁵ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Keabecoe M. Zim, Batho, 28 Oktober 2014. “Ek wil nie die huis versteek nie, want ons is nie veilig nie. Dit is 'n lokasie – ons is nie veilig as die bome hoog is nie.” (Vrye vertaling)

¹³⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Peter Motloun, Batho, 14 Maart 2013.

rondloperdiere uitgehou het, het sodanige heinings, soos genoem, wegkruipplek aan misdadigers gebied. Die oplossing was om die onderste gedeelte van die heining van alle loof en fyn takkies te stroop sodat tuineienaars kon sien wanneer 'n verdagte daaragter geskuil het. Nelson Ngo (geb. 1986) was genoodsaak om die onderste gedeelte van sy ma se voortuinheining oop te snoei, want “... in the location [Batho] the criminals are hiding behind the hedge”.¹³⁷ Gevolglik is soliede heinings in oop of deursigtige heinings omskep. Sulke heinings of sogenaamde “fedges”¹³⁸ is gewoonlik 'n kombinasie van 'n grensdraad gemaak van ogiesdraad of 'n metaalpalissade daarvoor en 'n deursigtige geknipte heining daaragter (Figuur 11).



Figuur 11: 'n Kombinasie van ogiesdraad en 'n deursigtige geknipte ligusterheining hou ongewenste elemente uit hierdie Batho-tuin, 2014. (Foto: Derek du Bruyn)

Ander Batho-tuiniers, soos Herbert Rampana, het met 'n alternatiewe oplossing vir sluipdiwe wat agter heinings skuil vorendag gekom, naamlik om seksies van sy digte, geknipte voortuinheining met losser deursigtige struik te vervang. Hy het dit so verduidelik: “The reason why I cut the original solid hedge in pieces is because the *tsotsis* used to hide themselves [sic] there.”¹³⁹ Soliede, ondeursigtige seksies geknipte heining word dus met deursigtige gedeeltes afgewissel. Simon Ditema het vertel dat Batho se misdaadprobleem hom nie net genoop het om die manier waarop hy sy ligusterheining gesnoei het te verander nie, maar ook alleenstaande sipresse te omvorm tot voorbeelde van vormsnoeikuns. Ook in sy geval was die “*tsotsis*” die beweegrede: “When I trim the trees [topiary], under the trees I must clean them,

¹³⁷ NMMGV, onderhoude gevoer deur Derek du Bruyn met Nelson T. Ngo, Batho, 10 en 24 November 2014. “... in die lokasie [Batho] skuil kriminele agter die heining”. (Vrye vertaling)

¹³⁸ Die term is van die saamgestelde woord “fence-hedge” afgelei.

¹³⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Herbert T. Rampana, Batho, 28 Maart 2013. “Die rede waarom ek die oorspronklike soliede heining in stukke gesny het is omdat die ‘*tsotsis*’ daaragter weggekruip het.” (Vrye vertaling)

so that the *tsotsis* cannot hide there.”¹⁴⁰ Volgens Simon moet ligusterheinings gereeld teruggesnoei word want oorgroeide heinings bied skuiling aan kriminele: “You cannot leave it [privet hedge] to grow, otherwise you ‘call’ the *tsotsis* to make a nest there and they can hide there.”¹⁴¹

Benewens die voorkoms van die geknpte heinings, met ander woorde óf dig en ondeursigtig óf oopgesny en deursigtig, is die ander veiligheidskwessie die heinings se hoogte. Terwyl sommige tuiniers hulle heinings ter wille van privaatheid hoog verkies, snoei ander dit weer laag sodat dit moontlik is om daaroor te kan sien. T.S. Sebeela (geb. 1939) verkies sy heining hoog en dig, want “... nobody can jump over the fence [hedge] and nobody can see me; it’s like a curtain”.¹⁴² Sy heining is juis ’n veiligheidsmaatreël, want dit dien as ’n “cover-up”¹⁴³ vir alles daaragter. Florence Segoe (geb. 1940) het vertel dat die hoogte van die heining voor haar Batho-huis nog altyd ’n teer punt in die verhouding tussen haar en haar man, Jacob Segoe, was. Trouens, botsende standpunte oor die ideale hoogte van die heining het ’n familietwispunt geword. Terwyl Jacob ’n hoë heining verkies sodat voetgangers nie



Figuur 12: Florence Segoe staan by haar tuinhekkie met die ligusterheining laag geknip soos sy dit verkies, Batho, 2014. (Foto: Derek du Bruyn)

¹⁴⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met P.S. Ditema, Batho, 8 Mei 2013. “Wanneer ek die bome [vormsnoeikuns] snoei moet ek onder die bome skoonmaak sodat die ‘tsotsis’ nie daar kan wegkruip nie.” (Vrye vertaling)

¹⁴¹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met P.S. Ditema, Batho, 8 Mei 2013. “Jy kan dit [ligusterheining] nie net laat groei nie, want dan ‘roep’ jy die ‘tsotsis’ om ’n nes daar te maak en hulle kan daar skuil.” (Vrye vertaling)

¹⁴² NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met T.S. Sebeela, Batho, 14 April 2014. “... niemand kan oor die heining spring nie en niemand kan my sien nie; dit is soos ’n gordyn”. (Vrye vertaling)

¹⁴³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met T.S. Sebeela, Batho, 14 April 2014. “bedekking”. (Vrye vertaling)

daaroor kan loer nie, verkies Florence dit laag (Figuur 12). Sy glo dat 'n lae heining beter sekuriteit bied omdat sy dan kan sien wat in die straat aangaan en kriminele ook nie daaragter kan skuil nie.¹⁴⁴

Besluite rakende die presiese hoogte van 'n voortuinheining is dus nie meer net 'n kwessie van persoonlike smaak nie omdat die bedreiging van potensiele betreders 'n belangrike beweegrede geword het. Gevolglik is vele heinings in Batho laer geknip om bo-oor te kan sien. Waar heinings of voorbeelde van vormsnoeikuns nie laer geknip kon word nie, is die onderste gedeelte deursigtig gemaak. In die meeste gevalle is ogiesdraad voor of agter die geknipte heinings aangebring en die heinings is gevolglik omskep in “fedges”: 'n kombinasie van 'n metaal- of draadheining en 'n geknipte heining. Al die genoemde veiligheidsmaatreëls het 'n ingrypende invloed op die voorkoms van Batho se geknipte heinings en, by implikasie, op die voorkoms en styl van die tuine gehad (Figuur 13).

Ander Batho-tuiniers het uit desperaatheid hulle heinings geheel en al verwyder en met metaalveiligheidsheinings of steenmure (Figuur 14) vervang. Die Mogaecho-familie was een van die eerstes wat hierdie drastiese stap geneem het. Mogrey Mogaecho het vertel dat die verwydering van die geknipte heining geen maklike besluit vir sy grootouers was nie want die heining was hulle trots. Gelukkig was die heining 'n “fedge”; daarom kon die ogiesdraadheining wat voor die geknipte heining gestaan het sedertdien as veiligheidsheining dien.¹⁴⁵ Vir Gabriel Thekiso (geb. 1956) was die verwydering van sy geknipte heining ook nie 'n maklike besluit nie, maar dit was noodsaaklik: “I removed it [hedge] because I want to



Figuur 13: 'n Goeie voorbeeld van 'n geknipte heining en vormsnoeikuns wat aangepas is om ook as sekuriteitsheining te dien, Batho, 2011. Die ligusterheining is laer geknip, die stamme van die hoë voorbeelde van vormsnoeikuns is onder skoongemaak en 'n ogiesdraadheining is aangebring. (Foto: Derek du Bruyn)

¹⁴⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Florence K. Segoe, Batho, 4 November 2014.

¹⁴⁵ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mogrey Mogaecho, Batho, 9 April 2013.



Figuur 14: 'n Sementsteenmuur het die oorspronklike ligusterheining by hierdie Batho-huis vervang, 2011. Gesnoeide ligusters en sipresse versag die muur se strakheid. (Foto: Derek du Bruyn)

see the people outside. The people were hiding there, the *tsotsis* were hiding there, waiting to catch and rob the women.” Hy het bygevoeg: “They were also sleeping with the women under the hedge.”¹⁴⁶

Op grond van die voorafgaande word aangevoer dat die Batho-tuiniers 'n dubbele prys vir misdaad betaal. Enersyds betaal hulle 'n prys in terme van die materiële verliese wat hulle weens diefstal ly en andersyds betaal hulle 'n prys vir die veiligheidsmaatreëls. Laasgenoemde ingryping lei tot 'n ander soort verlies, naamlik die drastiese aanpassings wat die tuiniers ter wille van verhoogde sekuriteit in hulle tuine moet maak. Die verandering of die algehele verwydering van geknipte heinings en voorbeelde van vormsnoekuns om plek vir veiligheidsheinings en selfs waghonde te maak, beteken dat dekades oue snoekuns wat 'n integrale deel van Batho se mensgemaakte landskap en tuinkultuur geword het, óf geskend word óf permanent verlore gaan.

¹⁴⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Gabriel M. Thekiso, Batho, 4 November 2014. “Ek het dit [heining] verwyder, want ek wil die mense buite raaksien. Die mense het daar geskuil, die ‘tsotsis’ het daar geskuil en gewag om die vroue te vang en te beroof”; “Hulle het ook met die vroue onder die heining geslaap.” (Vrye vertaling)

“To garden is to show people how you live and how you feel”: Die Batho-tuiniers se verhouding met hulle tuine en waarom hulle ten spyte van uitdagings steeds tuinmaak

Tydens die onderhoude is die Batho-tuiniers ook uitgevra oor hulle emosionele verhouding met hul tuine, wat hulle tuine vir hul beteken, en die redes vir hulle verknogtheid aan hul tuine. Waarom maak hulle ondanks alles steeds tuin? Vir die oorgrote meerderheid is hulle tuine ’n konstante bron van persoonlike bevrediging, inspirasie en vreugde. Trouens, hulle tuine is ’n lewenslyn te midde van die talle uitdagings wat die lewe in ’n township bied. Keabecoe Zim het haar verhouding met haar tuin soos volg beskryf: “Yes, to sit down to think with my mind, it [garden] keeps me thinking a lot. I feel happy. I like my garden very much. The garden makes me happy.”¹⁴⁷ Keabecoe het ook bely dat haar plante en blomme haar “geselskap” is: “In the morning, I tell the flowers: ‘Good morning my beautiful flowers!’.”¹⁴⁸ Ook Freddy Languza (geb. 1970) put persoonlike vreugde uit sy tuin. Dit is veral sy geknipte heining wat aan hom die meeste bevrediging verskaf: “Sometimes when I finished to cut it [hedge] I go far in the street and I look how nice it is.”¹⁴⁹ Freddy put inspirasie daaruit om te kyk hoe ander Batho-tuiniers hulle heinings en ander vormsnoeikonstruksies snoei. As kind het hy gekyk hoe dr. Moilola die indrukwekkende boog (Figuur 4) in sy tuin in Moilolastraat gesnoei het en toe besluit dat hy ook eendag so ’n boog in sy tuin wou hê.¹⁵⁰

Freddy en ander tuiniers is bewus daarvan dat hulle tuine nie net ’n bron van vreugde vir hulself is nie, maar ook vir ander. Die plesier wat Batho se tuine bied, wissel van besoeke aan ander se tuine; wandelinge in ander se tuine; die put van inspirasie uit ander se tuine tot die ontvang van plantsteggies en saad uit ander se tuine. Freddy het vertel dat sy vriende graag sy tuin besoek en mekaar voor sy imposante, gesnoeide heining afneem (Figuur 15). ’n Ander Batho-tuinier, Mary Goodman (geb. 1961), het vertel dat haar tuin met sy gul rose nie net ’n bron van plesier vir haar vriende is nie, maar ook vir skoolleerlinge wat, sonder om toestemming te vra, rose pluk om as skouerruikers te dra.¹⁵¹ Mercy Khantwane het ook beleef dat verbygangers blomme uit haar tuin pluk, maar sy het toegegee dat sy nie omgee nie, want dit beteken dat hulle die vrug van haar arbeid waardeer. “They ask many questions and they ask for flowers”,¹⁵² het Mercy gesê.

Vir tuiniers soos Gabriel Thekisoë is ander se bewondering egter van minder belang. Vir hulle gaan tuinmaak oor hulself en die emosionele band wat hulle met hul tuine gevorm het. Wanneer mense Gabriel vra hoe hy dit regkry om so ’n pragtige tuin te kan hê, dan is sy raad eenvoudig: “You must love your garden.”¹⁵³ Hy het egter toegegee dat ’n mooi tuin ook ’n

¹⁴⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Keabecoe M. Zim, Batho, 28 Oktober 2014. “Ja, om te sit en met my verstand te dink, dit [tuin] laat my baie dink. Ek voel gelukkig. Ek hou baie van my tuin. Die tuin maak my gelukkig.” (Vrye vertaling)

¹⁴⁸ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Keabecoe M. Zim, Batho, 28 Oktober 2014. “In die oggend sê ek vir die blomme: ‘Goeie môre my pragtige blomme!’.” (Vrye vertaling)

¹⁴⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Freddy M. Languza, Batho, 9 Julie 2014. “Somtyds as ek dit [heining] klaar geknip het dan tree ek vêr terug in die straat en kyk hoe mooi dit lyk.” (Vrye vertaling)

¹⁵⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Freddy M. Languza, Batho, 9 Julie 2014.

¹⁵¹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mary G. Goodman, Batho, 27 en 29 Oktober 2014.

¹⁵² NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mercy L. Khantwane, Batho, 21 April 2015. “Hulle vra baie vrae en hulle vra vir blomme.” (Vrye vertaling)

¹⁵³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Gabriel M. Thekisoë, Batho, 4 November 2014. “Jy moet lief wees vir jou tuin.” (Vrye vertaling)



Figuur 15: *Freddy Languza se imposante gesnoeide heining met veelvoudige boë, Batho, 2014. (Foto: Derek du Bruyn)*

prys het: “That is why I don’t have friends; I work in the garden every day.”¹⁵⁴ Vir Eugenia Ngatane is die persoonlike bevrediging wat haar tuin bied ook belangriker as die bewondering van ander. Vir haar het die bevrediging wat sy ervaar ook ’n dieper geestelike dimensie. Wanneer sy nie in haar tuin werk nie mediteer sy daar. Dit is ook die plek waar sy haar Bybel lees; smiddae om vyfuur, drie keer per week, sal besoekers haar in die tuin vind waar sy stiltetyd hou.¹⁵⁵

Ten spyte van die uitdagings waarmee Batho se tuiniers op ’n daaglikse basis gekonfronteer word, spesifiek met die misdaadprobleem, laat hulle nie op hul wag om die waarde van tuinmaak te beklemtoon nie. Die redes waarom hulle reeds vir dekades lank tuinmaak, wissel van die blote navolging en nabootsing van ander tot meer deurdagte argumente. Toe die tuiniers gevra is om die vernaamste rede te noem, het baie van hulle aanvanklik gereageer met antwoorde soos “... others in Batho do it”,¹⁵⁶ “... it is a Batho tradition”,¹⁵⁷ “... it looks beautiful and neat”,¹⁵⁸ en “I have a talent for it.”¹⁵⁹ Opvolgonderhoude en ondersoekende vrae het egter ander redes opgelewer. Dit wissel van die argument dat tuinmaak tot omgewingsbewaring bydra en klimaatsverandering teenwerk; dat tuinmaak fisiese gesondheid en emosionele welstand bevorder; dat ’n tuin die eienaar se karakter weerspieël tot die geestelike vervulling wat tuinmaak bied.

¹⁵⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Gabriel M. Thekisoë, Batho, 4 November 2014. “Dit is waarom ek geen vriende het nie; ek werk elke dag in die tuin.” (Vrye vertaling)

¹⁵⁵ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Eugenia M. Ngatane, Batho, 29 Oktober 2014.

¹⁵⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met E.G. Madito, Batho, 6 Oktober 2010. “... ander in Batho doen dit”. (Vrye vertaling)

¹⁵⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met R.P. Moilola, Batho, 30 Maart 2011. “... dit is ’n Batho-tradisie”. (Vrye vertaling)

¹⁵⁸ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met J. Modisapudi, Batho, 17 Januarie 2011. “... dit lyk mooi en netjies”. (Vrye vertaling)

¹⁵⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met A.P. Khoiteng, Batho, 12 April 2010. “Ek het ’n talent daarvoor.” (Vrye vertaling)

Betreffende die argument dat tuinmaak omgewingswelstand bevorder het Joy Direko (geb. 1944) en R.P. Moilola die belangrikheid van organiese kostuine beklemtoon en aangevoer dat groentetuine geprioritiseer behoort te word. Terwyl hulle die waarde van ornamentele tuine en veral die vormsnoekuns uitgesonder het as 'n belangrike aspek van Batho se tuintradisie, was hulle van mening dat 'n groter aantal produserende kostuine die kosnood in Batho sal verlig.¹⁶⁰ Johannes Hlubi het die direkte verband tussen tuinmaak en omgewingsbewaring beklemtoon; na sy mening is tuinmaak “... very important for the environment”.¹⁶¹ Op sy beurt het Nelson Ngo benadruk dat die Batho-tuiniers meer omgewingsbewus behoort te wees, want volgens hom weet hulle dat “... plants and trees are making fresh air”.¹⁶²

Vir ander tuiniers bied tuinmaak gesondheidsvoordele omdat dit fisiese en emosionele welstand bevorder. Freddy Languza glo tuinmaak “... gives you good health”,¹⁶³ met verwysing na 'n gesonde liggaam. Kikisi Lekutu (geb. 1950) geniet ook tuinmaak vir die fisiese voordele daarvan. Vir haar is tuinwerk nie harde werk nie, maar eerder plesier “... because I am exercising”.¹⁶⁴ Vir Mavis Melamu (geb. 1953) is tuinmaak nie net heilsaam vir die fisiese nie, maar ook vir die emosionele sy van menswees. Sy beskou tuinmaak as 'n “stress release”,¹⁶⁵ daarom werk sy elke oggend in haar tuin. Ntombi Pongola (geb. 1981) glo weer dat tuinmaak emosionele genesing en vertroosting bring. Met verwysing na haar eie tuin het sy dit soos volg verduidelik: “That garden brings healing to me; sometimes when I am sad I go there.”¹⁶⁶

Vir tuiniers soos Gabriel Thekisoe is 'n tuin 'n weerspieëling van die eienaar se persoonlikheid. Hy glo dit is belangrik vir township-inwoners om tuin te maak, want dit verklap iets van die inwoners: “... people must see that the man who lives there is not a drunk”.¹⁶⁷ Vir Gabriel is die toestand van 'n tuin ook 'n refleksie van die eienaar se karakter. Om dieselfde rede verduur Kelebogile Mahabane nie 'n verwaarloosde standplaas nie: “I hate it when I pass a yard and it does not have a garden.”¹⁶⁸ 'n Tuinlose standplaas is volgens haar 'n teken van 'n swak karakter. Simon Ditema is weer van mening dat die toestand van 'n werf iets van die bewoner se emosionele gevoelens sê: “To do the garden is to show people how you live and

¹⁶⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Joy M. Direko, Batho, 11 November 2014 en R.P. Moilola, Batho, 30 Maart 2011.

¹⁶¹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Johannes T. Hlubi, Batho, 1 Mei 2013. “... baie belangrik vir die omgewing”. (Vrye vertaling)

¹⁶² NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Nelson T. Ngo, Batho, 10 en 24 November 2014. “... plante en bome maak vars lug”. (Vrye vertaling)

¹⁶³ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Freddy M. Languza, Batho, 9 Julie 2014. “... gee jou goeie gesondheid”. (Vrye vertaling)

¹⁶⁴ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Kikisi M. Lekutu, Batho, 27 Oktober 2014. “... want ek oefen”. (Vrye vertaling)

¹⁶⁵ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Mavis G. Melamu, Batho, 24 en 27 Oktober 2014. “stressverligter”. (Vrye vertaling)

¹⁶⁶ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Ntombi Pongola, Batho, 16 April 2012. “Daardie tuin bring vir my genesing; soms wanneer ek hartseer is dan gaan ek soontoe.” (Vrye vertaling)

¹⁶⁷ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Gabriel M. Thekisoe, Batho, 4 November 2014. “... mense moet kan sien die persoon wat daar woon is nie 'n dronkaard nie”. (Vrye vertaling)

¹⁶⁸ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Kelebogile G. Mahabane, Batho, 7 en 20 November 2014. “Ek haat dit wanneer ek verby 'n werf stap en dit het geen tuin nie.” (Vrye vertaling)

how you feel.”¹⁶⁹ Terwyl Gabriel, Kelebogile en Simon glo dat ’n netjiese voortuin ’n sterk karakter weerspieël, is Florence Segoe oortuig dat ’n tuin met netjiese geknipte heinings ’n refleksie van iets nog dieper is: “It shows that the owners, the people who have plants, have living souls.”¹⁷⁰

Gevolgtrekking

Daar is gepoog om teen die agtergrond van die historiese konteks wat geskets is, die Batho-tuiniers se mondelinge beskrywings van of getuienisse oor hul tuine, tuinstyl en tuinmaak te ontleed en sleutelargumente te voer oor waarom hulle tuinmaak en op watter wyse hulle dit doen. Eerstens word geredeneer dat die verlede by die hede aansluiting vind in Batho deur ’n verskynsel wat as “generasie-tuinmaak” beskryf kan word. Dit kom daarop neer dat ’n tuinwoordskat, tuinkennis, tuinvaardighede en ’n kultuur van tuinmaak nie net van die Waaihoek-tuiniers na die Batho-tuiniers oorgedra is nie, maar ook van een geslag Batho-tuiniers na die volgende. Gevolglik strek Batho se tuinkultuur nie slegs terug na vorige geslagte tuiniers wat reeds in die Waaihoek-lokasie tuingemaak het nie, maar dit leef voort onder ’n nuwe geslag tuiniers wat steeds in Batho se tuingedeeltes (*garden areas*)” tuinmaak.

As ontasbare kultuurprodukte word tuinkennis en tuintermnologie deur middel van mondelinge oorleweringe tussen geslagte tuiniers oorgedra. Die sterkste aanduiders van die aanwesigheid van ’n tuinkultuur en -tradisie in Batho is juis die verskynsel van “generasie-tuinmaak”. In baie gevalle het die swart tuiniers wat in wit mense se tuine gewerk het, die Europese tuinstyl en -vaardighede wat hulle daar geleer en by wyse van akkulturasie oorgeneem het, weer na hulle kinders en ander Batho-tuiniers oorgedra. Een van die gevolge van hierdie verskynsel is die ontwikkeling van ondersteuningsnetwerke onder tuiniers, waaronder finansiële ondersteunings- en plantuitruilnetwerke. “Generasie-tuinmaak” behels dus die oordrag van die ontasbare en die tasbare in die vorm van hulpbronne soos plante, saad en tuingereedskap. ’n Belangrike rede waarom Batho se inwoners steeds tuinmaak, is opgesluit in “generasie-tuinmaak” omdat hulle daardeur bemagtig word om dit te doen.

Tweedens word aangevoer dat die manier waarop Batho se tuiniers tuinmaak, veral die beoefening van vormsnoeikuns, ’n toeganklike en bekostigbare manier is om ’n aantreklike omgewing te skep. Omdat vormsnoeikuns meer met vaardighede as finansiële vermoëns te doen het, beteken dit dat die behoefstigste tuiniers met die minimum uitgawes kan tuinmaak. Al wat nodig word, is ’n skaapskêr, snoeiskêr, knipper en verbeelding. Die kostevoordeel is ook ’n belangrike uitvloeisel van die “generasie-tuinmaak”-verskynsel omdat nie net vormsnoeikunsvaardighede nie, maar ook tuingereedskap in die verlede kosteloos oorgedra is en steeds oorgedra word.

’n Derde argument is dat tuinmaak en vormsnoeikuns die geleentheid vir kreatiewe uitdrukking bied, al is dit slegs die manier waarop ’n heining geknip of ’n struik gesnoei word. Gedurende die jare van segregasie (1910–1948) en apartheid (1948–1994) het lokasiebewoners baie min beheer oor hulle eie lewens gehad. Besluite is namens hulle deur wit burokrate, in dié geval munisipale amptenare soos Cooper en Brits, geneem. Daarom word aangevoer dat die Batho-tuiniers ’n mate van persoonlike beheer oor hulle onmiddellike leefruimtes kon

¹⁶⁹ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met P.S. Ditema, Batho, 8 Mei 2013. “Om tuin te maak wys vir mense hoe jy leef en hoe jy voel.” (Vrye vertaling)

¹⁷⁰ NMMGV, onderhoud gevoer deur Derek du Bruyn met Florence K. Segoe, Batho, 4 November 2014. “Dit wys dat die eienaars, die mense wat plante besit, lewende siele het.” (Vrye vertaling)

uitoefen deur die kreatiewe skepping en instandhouding van tuine en snoeikuns, al was dit dan op munisipale grondgebied. Deesdae word persoonlike beheer en kreatiewe uitdrukking gekompromitteer deur die wyse waarop misdaad die inwoners se onmiddellike leefruimtes aantast en laat “inkrimp”. Hierdie verlies sluit direk aan by die genoemde dubbele prys wat tuiniers reeds vir misdaad betaal.

Vierdens word geargumenteer dat die geleentheid wat tuine en vormsnoeikuns vir kreatiewe uitdrukking bied ook daartoe lei dat die tuiniers ’n vorm van kulturele identiteit – ’n tuinidentiteit – daarin vind. Hierdie argument word versterk deur sommige tuiniers se standpunt dat hulle manier van tuinmaak en voorliefde vir vormsnoeikuns reeds tot ’n Batho-tradisie ontwikkel het. Na aanleiding van die Amerikaanse aardrykskundige, James S. Duncan, se argument dat ’n groep se uitdruklike voorkeur vir ’n sekere tuinstyl simbolies van ’n groepsidentiteit kan wees, word geredeneer dat die Batho-tuiniers se voorliefde vir formaliteit en vormsnoeikuns ook hulle tuinidentiteit definieer.¹⁷¹ Vir Batho se tuiniers is formaliteit en vormsnoeikuns lank reeds nie meer ’n Europese tradisie wat oorgeneem is nie, maar ’n integrale deel van hulle eie tuintradisie. Hierdie verskynsel strook met die Franse landskapargitek, Michel Conan, se hipotese dat slagoffers van sistemiese diskriminasie “... tend to stick to traditional gardens”.¹⁷² Hierdie argument geld ook vir Batho se tuiniers en hulle voorkeur vir formaliteit en vormsnoeikuns, onder meer weens die gerusstelling wat die bekende en die tradisionele bied.

Laastens word aangevoer dat die rede waarom Batho se inwoners tuinmaak en die manier waarop hulle dit doen direk verband hou met die verslegtende sosio-ekonomiese omstandighede en gepaardgaande misdaad en kriminaliteit in Batho. Wanneer persoonlike veiligheid bedreig word, bied tuine met geknpte heinings beskerming en skep veilige ruimtes. Die heinings vorm ’n buffer tussen die onveilige “buite” en die relatief veilige “binne”. Tuine as veilige ruimtes moet gesien word in samehang met die Batho-tuiniers se getuienisse dat hulle tuine ook hul emosionele en geestelike behoeftes bevredig. Tuine bied dus fisiese én emosionele veiligheid. Laasgenoemde is dikwels nie die vernaamste rede waarom die tuine in die eerste plek uitgelê is nie, maar ’n belangrike rede waarom dit in stand gehou word.

BIBLIOGRAFIE

- Anoniem. 2015. *Pharos South African multilingual dictionary*. Kaapstad: NB.
- Anoniem. 1991. *Reader's Digest South African multi-language dictionary and phrase book*. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa.
- A. 3(4/1)(9/2/2), Extracts, South African Races Committee, land tenure, manuskrip.
- AD 1765, Yearly report on locations, 1925–1926.
- Abrams, Lynn. 2010. *Oral history theory*. New York: Routledge.
- Allen, Barbara & Montell, William L. 1981. *From memory to history: Using oral sources in local historical research*. Nashville: The American Association for State and Local History.
- Armstrong, James C. 1982. “Die slawe, 1652–1795”. In Giliomee, H & Elphick, R. (reds.) *'n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652–1820*. Kaapstad: Maskew Miller Longman, pp. 80–123.
- Boshoff, A. s.a. Regency-tuin vir Bertram-huis, manuskrip.
- Brits, J. 2012. “Suid-Afrika ná apartheid, 1994–2004”. In Pretorius, F. (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot vandag*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 549–80.

¹⁷¹ Vir meer besonderhede, lees James S. Duncan, “Landscape taste as a symbol of group identity: A Westchester county village”, *Geographical Review*, vol. 63, no. 3, July 1973, pp. 334–55.

¹⁷² Michel Conan, “From vernacular gardens to a social anthropology of gardening” in Michel Conan (red.) *Perspectives on garden histories* (Dumbarton Oaks Trustees for Harvard University, Washington, D.C., 1999), p. 192.

- Burman, J. 1971. *Disaster struck South Africa*. Kaapstad: Struik.
- C 2282, Politieke Raad: Plakkaatboek, 7 Desember 1745–24 Desember 1753.
- Caillié, AR. 1968. *Travels through Central Africa and across the great desert, to Morocco performed in the years 1824–1828*, vol. 1. Londen: Frank Cass & Co.
- Calderwood, DM. 1954. “An approach to low cost urban native housing in South Africa”, *The Town Planning Review*, 24(4):312-28.
- Calderwood, DM. 1953. *Native housing in South Africa*. Gepubliseerde DArch, Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg.
- Carstens, R & Grobbelaar PW. 1988. *Voortrekkerlewe: Agter die skerms op die Groot Trek*. Johannesburg: Groot Trek-herdenkingsfees.
- Counce, S. 1994. *Approaches to local history: Oral history and the local historian*. Londen: Longman.
- Clapson, M. 2000. “The suburban aspiration in England since 1919”, *Contemporary British History*, 14(1):151-74.
- Clements-Frazer, J. 1913. “Scattering the seed”, *Quarterly Paper*, 179:17-9.
- Conan, Michel. 1999. “From vernacular gardens to a social anthropology of gardening”. In Conan, M. (red.). *Perspectives on garden histories*. Washington, D.C.: Dumbarton Oaks Trustees for Harvard University, pp. 181-204.
- De Kiewiet, C. 1941. *A history of South Africa: Social & economic*. Oxford: Clarendon Press.
- Denis, P & Ntsimane, R. (reds.). 2008. *Oral history in a wounded country: Interactive interviewing in South Africa*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Die Volksblad*, 27 September 1923; 25 Maart 1927; 14 Junie 1932.
- Donovan, Miss. 1876. “Half-caste school”, *Quarterly Paper*, 33:21-5.
- Du Bruyn, D. 2010. “Oral testimonies as a source of community history, with special reference to the Batho Project, Bloemfontein”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuureskiedenis*, 24(2):1-24.
- Du Bruyn, D. 2011. “‘Township Topiary’: The history of the English-style gardens of Batho, Mangaung (1846–1948)”, *Navorsing van die Nasionale Museum Bloemfontein*, 27(3):37-82.
- Du Bruyn, D. 2018. *Gardens, gardening culture and the development of a semi-vernacular garden style in Batho, Mangaung, 1918–1939: A historical perspective*. D.Phil, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.
- Du Bruyn, D. 2021. “Clipped hedges and topiary in South African gardens, 1652–1939: The Africanization of a European garden art”, *Garden History*, 49(2):208-30.
- Du Bruyn, D. 2024. “Memories and testimonies of passbooks, permits and *platkeps* in apartheid-era Batho, Mangaung”, *New Contree*, 91:1-19.
- Duncan, JS. 1973. “Landscape taste as a symbol of group identity: A Westchester county village”, *Geographical Review*, 63(3):334-55.
- Eliovson, S. 1979. *Garden beauty of South Africa*. Johannesburg: Macmillan South Africa.
- Field, S. 2012. *Oral history, community, and displacement: Imagining memories in post-apartheid South Africa*. New York: Palgrave Macmillan.
- Giliomee, H & Mbenga, M. 2022. *New history of South Africa*. Kaapstad: Tafelberg.
- Ginsburg, R. 1996. “‘Now I stay in a house’: Renovating the matchbox in apartheid-era Soweto”, *African Studies*, 55(2):127-39.
- Guelke, L. 1982. “Die blanke setlaars, 1652–1780”. In Giliomee, H & Elphick R (reds.). *’n Samelewing in wording: Suid-Afrika 1652–1820*. Kaapstad: Maskew Miller Longman, pp. 44-79.
- Hands, CE. 1900. “‘Bobs’ as beneficent victor: His fascinating entry into Bloemfontein”, *The Bloemfontein Post*, 10 Mei: 3.
- Heath, BJ & Bennett, A. 2000. “‘The little spots allow’d them’: The archaeological study of African-American yards”, *Historical Archaeology*, 34(2):38-55.
- Howard, E. 1985. *Garden cities of to-morrow*. Eastbourne: Attic Books.
- Jellicoe, G. (reds.). 1986. *The Oxford companion to gardens*. Oxford: Oxford University Press.
- Katzen, MF. 1969. “White settlers and the origin of a new society, 1652–1778”. In Wilson, MH & Thompson, LM. (reds.). *The Oxford History of South Africa: South Africa to 1870*, I. Oxford: Oxford University Press, pp. 183-232.
- Krige, DS. 1991. “Bloemfontein”. In Lemon A. (red.), *Homes apart: South Africa’s segregated cities*. Kaapstad: David Philip, pp. 104-19.

- Le Roux, C. 2004. "The performance of tsotsi gangs and causes leading to their formation in Mangaung, Bloemfontein, 1945–1976", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 29(2):43-59.
- Le Roux, C. 2003. "The role of the South African Police and supportive local authorities in crime prevention in Mangaung, Bloemfontein, 1945–1976", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 28(3):198-215.
- Maritz, C.J. 1976. "Enkele politieke gevolge en implikasies van die akkulturasieproses vir Suid-Afrika", *Africanus*, 6(1 & 2):20-40.
- MBL 1/2/3/1/20, Annual report of Curator of Parks, 1926.
- MBL 1/2/3/1/36, Report of City Engineer: Re proposed water tariff for gardening purposes, 10 Mei 1929.
- MBL 1/2/3/1/44, Report of Curator of Parks, 12 Januarie 1931.
- MBL 1/2/4/1/2, Minutes of public meeting, Waaihoek, 13 Februarie 1918.
- MBL 1/2/4/1/3, brief van die waarnemende Superintendent of Locations aan die Town Clerk, 18 November 1918.
- MBL 1/2/4/1/3, Minutes of ordinary meeting of Native Affairs Committee, 20 Mei 1918.
- MBL 1/2/4/1/3, Minutes of ordinary meeting of Native Affairs Committee, 1 November 1918.
- MBL 1/2/4/1/4, Minutes of meeting of Native Affairs Committee, 1 November 1920.
- MBL 1/2/4/1/5, brief van G.P. Cook, Superintendent of Locations, aan G. Golds Esq., Acting Town Clerk, 20 September 1921.
- MBL 1/2/4/1/5, Minutes of meeting of Native Affairs Committee, 24 Oktober 1921.
- MBL 1/2/4/1/9, Report of Superintendent of Locations, Januarie 1926, 2 Februarie 1926.
- MBL 1/2/4/1/28, Minutes of ordinary meeting of Native Advisory Board, 3 Maart 1937.
- MBL 1/2/4/1/32, Minutes of ordinary meeting of Native Advisory Board, 8 Mei 1939.
- MBL 1/2/4/1/34, brief van F.M. Symes, St Michael's School, Bloemfontein, aan die bestuurder van die Native Administration Department, Bloemfontein, 28 Maart 1940.
- MBL 1/2/4/1/35, Interdepartmental commission of enquiry concerning economic, health and social conditions of natives in urban areas: Questionnaire and replies, 25 Oktober 1941.
- MBL 1/2/4/1/36, Minutes of ordinary meeting of Native Advisory Board, 3 Desember 1942.
- MBL 1/2/5/1/1, Report of Superintendent of Parks and Forestry, 18 Desember 1917.
- MBL 3/1/11, Report on Native Locations 1906.
- MBL 3/1/15, Report of Superintendent of Parks and Forestry 1912.
- MBL 3/1/19, Mayor's minutes, 1919–1920; 1922–1923; 1923–1924; 1926–1927; 1929–1930.
- Mills, G. 1989. "Space and power in South Africa: The township as a mechanism of control", *Ekistics*, 56(334/ 335):65-74.
- Molamu, L. 2003. *Tsotsi-taal: A dictionary of the language of Sophiatown*. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Morris, P. 1981. *A history of black housing in South Africa*. Johannesburg: South Africa Foundation.
- Motsapi, M.J. (red.). 2015. *The official English-Sesotho dictionary*. S.I.: South African National Lexicography Units.
- Mucina, L & Rutherford, MC. (reds.). 2006. *The vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*. Pretoria: South African National Biodiversity Institute.
- Noble, J. 1875. *Descriptive handbook of the Cape Colony: Its condition and resources*. Kaapstad: J.C. Juta.
- Pienaar, K & Smith, GF. 2011. *The Southern African what flower is that? An essential guide to garden plants*. Kaapstad: Struik Lifestyle.
- Posel, D. 2001. "What's in a name? Racial categorisations under apartheid and their afterlife", *Transformation*, 47:50-74.
- Read Lloyd, A. 2009. *The artist in the garden: The quest for Moses Tladi*. Noordhoek: Print Matters.
- Rich, P. 1978. "Ministering to the white man's needs: The development of urban segregation in South Africa, 1913–1923", *African Studies*, 37(2):177-91.
- Sam, DL & Berry, JW. 2010. "Acculturation: When individuals and groups of different cultural backgrounds meet", *Perspectives on Psychological Science*, 5(4):472-81.
- Schoeman, K. 1980. *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad, 1846–1946*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Sim, TR. 1906. "South African horticulture". In: *Report of the South African Association for the Advancement of Science* (fourth meeting, Kimberley).

- Simpson, T. 2021. *History of South Africa: From 1902 to the present*. Kaapstad: Penguin Books.
- Stipinovich, M & Bell, J. 2016. "Constant gardener", *Elle Decoration South Africa*, 110:27-30.
- Taylor, P. (red.). 2006. *The Oxford companion to the garden*. Oxford: Oxford University Press.
- Thompson, P. 2000. *The voice of the past: Oral history*. Oxford: Oxford University Press.
- The Friend*, 16 Desember 1918; 23 Desember 1918; 6 Januarie 1919; 11 Januarie 1919; 13 Mei 1920; 2 Augustus 1921; 16 Desember 1921; 21 Februarie 1922; 25 Mei 1922; 26 September 1923; 3 Junie 1924; 2 September 1924; 31 Oktober 1924; 26 Februarie 1926; 30 Julie 1927; 29 Mei 1931; 31 Augustus 1936.
- Umteteli wa Bantu*, 17 Julie 1926; 9 Januarie 1932.
- Westmacott, R. 1993. "The gardens of African-Americans in the rural South". In: John D. Hunt en Joachim Wolschke-Bulmahn (reds.). *The vernacular garden*. Washington, D.C.: Dumbarton Oaks Research Library and Collection, pp. 77-105.
- Wilhelm, G. 1975. "Dooryard gardens and gardening in the black community of Brushy, Texas", *Geographical Review*, 65(1):73-92.
- Wilken, P. 1994. *Understanding everyday Setswana: A vocabulary and reference book*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Nasionale Museum Mondelinge Geskiedenis-versameling

- Dikane, MM. Batho, 27 Januarie 2012; Direko, JM, Batho, 11 November 2014; Ditema, PS, Batho, 8 Mei 2023; Goodman, GM. Batho, 27 en 29 Oktober 2014; Hlubi, J.T., Batho, 1 Mei 2013; Khantwane, M.L., Batho, 21 April 2015; Khetse, S., Batho, 26 November 2013; Koitheng, A.P., Batho, 12 April 2010; Languza, F.M., Batho, 9 Julie 2014; Lebakeng, H., Batho, 17 Januarie 2011; Lekholo, M., Batho, 29 November 2014; Lekutu, K.M., Batho, 27 Oktober 2014; Liutliuleng, F.M., Batho, 14 April 2011; Loape, A.K., Batho, 5 April 2011; Madito, E.G., Batho, 6 Oktober 2010; Madito, M., Batho, 31 Oktober 2014; Mahabane, K.G., Batho, 7 en 20 November 2014; Mahabane, S.M., Batho, 7 en 20 November 2014; Marumo, M.M., Batho, 24 Januarie 2012 en 28 Oktober 2014; Melamu, M.G., Batho, 24 en 27 Oktober 2014; Modisapudi, J., Batho, 17 Januarie 2011; Moeketsi, L.M., Batho, 28 Maart 2013; Mogaecho, M., Batho, 9 April 2013; Moholo, P., Batho, 8 Mei 2013; Moiloa, R.P., Batho, 30 Maart 2011; Moiloa, S.S., Batho, 18 Mei 2013; Molelekoa, M.R., Batho, 4 November 2014; Motingoe, M.S., Batho, 18 April 2016; Motloun, P., Batho, 14 Maart 2013; Mphothane, D.M., Batho, 28 Maart 2013; Mvimbi, D.M., Batho, 24 November 2014; Ngatane, E.M., Batho, 29 Oktober 2014; Ngo, N.T., Batho, 10 en 24 November 2014; None, J., Batho, 17 Januarie 2011; Phakoe, M., Batho, 25 November 2014; Pongola, N., Batho, 16 April 2012; Rampana, H.T., Batho, 28 Maart 2013; Sebeela, T.S., Batho, 14 April 2014; Segoe, F.K., Batho, 4 November 2014; Swanepoel, E., Batho, 17 Januarie 2011; Thekiso, G.M., Batho, 4 November 2014; Turner, M., Batho, 17 Januarie 2011; Zim, K.M., Batho, 28 Oktober 2014.